

FISIESE WETENSKAPPE

2025 “LAST PUSH”

GRAAD 12

HANDLEIDING VIR ONDERWYSERS EN LEERDERS





INHOUD









BLADSY

<u>ONDERWERP 1: Newton se bewegingswette</u> <ul style="list-style-type: none">○ Eksamenriglyne en uitkomste○ Belangrike terme en definisies○ Uitgewerkte voorbeelde○ Aktiwiteite	8 - 20
<u>ONDERWERP 2: Vertikale projektielbeweging</u> <ul style="list-style-type: none">○ Eksamenriglyne en uitkomste○ Belangrike terme en definisies○ Uitgewerkte voorbeelde○ Aktiwiteite	21- 43
<u>ONDERWERP 3: Momentum en impuls</u> <ul style="list-style-type: none">○ Eksamenriglyne en uitkomste○ Belangrike terme en definisies○ Uitgewerkte voorbeelde○ Aktiwiteite	44 - 54
<u>ONDERWERP 4: Arbeid, energie en drywing</u> <ul style="list-style-type: none">○ Eksamenriglyne en uitkomste○ Belangrike terme en definisies○ Uitgewerkte voorbeelde○ Aktiwiteite	55 - 74
<u>ONDERWERP 5: Elektrostatika</u> <ul style="list-style-type: none">○ Eksamenriglyne en uitkomste○ Belangrike terme en definisies○ Uitgewerkte voorbeelde○ Aktiwiteite	75- 84



<p>ONDERWERP 6: Elektriese stroombane</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ Eksamenriglyne en uitkomst ○ Belangrike terme en definisies ○ Uitgewerkte voorbeelde ○ Aktiwiteite 	85 - 100
<p>ONDERWERP 7: Elektrodinamika</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ Eksamenriglyne en uitkomst ○ Belangrike terme en definisies ○ Uitgewerkte voorbeelde ○ Aktiwiteite 	101 - 112
<p>ONDERWERP 8: Doppler effek</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ Eksamenriglyne en uitkomst ○ Belangrike terme en definisies ○ Uitgewerkte voorbeelde ○ Aktiwiteite 	113 - 118
<p>ONDERWERP 9: Optiese verskynsels</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ Eksamenriglyne en uitkomst ○ Belangrike terme en definisies ○ Uitgewerkte voorbeeld ○ Aktiwiteite 	119 - 131

IKON BESKRYWING

 <p>BREINKAART</p>	 <p>EKSAMENRIGLYNE</p>	 <p>INHOUD</p>	 <p>AKTIWITEITE</p>
 <p>BIBLIOGRAFIE</p>	 <p>TERMINOLOGIE</p>	 <p>UITGEWERKTE VOORBEELDE</p>	 <p>STAPPE</p>

DATA VIR FISIESE WETENSKAPPE GRAAD 12

VRAESTEL 1 (FISIKA)

TABEL 1: FISIESE KONSTANTES:

NAME/NAAM	SYMBOL/SIMBOOL	VALUE/WAARDE
Acceleration due to gravity <i>Swaartekrag versnelling</i>	g	$9,8 \text{ m}\cdot\text{s}^{-2}$
Gravitational constant <i>Swaartekrag konstante</i>	G	$6,67 \times 10^{-11} \text{ N}\cdot\text{m}^2\cdot\text{kg}^{-2}$
Radius of Earth <i>Straal van Aarde</i>	R_E	$6,38 \times 10^6 \text{ m}$
Coulomb's constant <i>Coulomb se konstante</i>	K	$9,0 \times 10^9 \text{ N}\cdot\text{m}^2\cdot\text{C}^{-2}$
Speed of light in a vacuum <i>Spoed van lig in 'n vakuum</i>	c	$3,0 \times 10^8 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$
Charge on electron <i>Lading op electron</i>	e	$-1,6 \times 10^{-19} \text{ C}$
Electron mass <i>Elektron massa</i>	m_e	$9,11 \times 10^{-31} \text{ kg}$

TABEL 2: FORMULES

BEWEGING

$v_f = v_i + a \Delta t$	$\Delta x = v_i \Delta t + \frac{1}{2} a \Delta t^2$ or/of $\Delta y = v_i \Delta t + \frac{1}{2} a \Delta t^2$
$v_f^2 = v_i^2 + 2a\Delta x$ or/of $v_f^2 = v_i^2 + 2a\Delta y$	$\Delta x = \left(\frac{v_i + v_f}{2} \right) \Delta t$ or/of $\Delta y = \left(\frac{v_i + v_f}{2} \right) \Delta t$

KRAG

$F_{\text{net}} = ma$	$p = mv$
$F_{\text{net}} \Delta t = m \Delta v$ $\Delta p = mv_f - mv_i$	$w = mg$
$F = \frac{Gm_1 m_2}{r^2}$	$g = \frac{GM}{r^2}$
$\mu_k = \frac{f_k}{N}$	$\mu_s = \frac{f_{s(\text{maks})}}{N}$

ARBEID ENERGIE EN DRYWING

$W = F \Delta x \cos \theta$	$U = mgh$ or/of $E_p = mgh$
$K = \frac{1}{2} mv^2$ or/of $E_k = \frac{1}{2} mv^2$	$W_{\text{net}} = \Delta K$ or/of $W_{\text{net}} = \Delta E_k$ $\Delta K = K_f - K_i$ or/of $\Delta E_k = E_{kf} - E_{ki}$
$W_{\text{nc}} = \Delta K + \Delta U$ or/of $W_{\text{nc}} = \Delta E_k + \Delta E_p$	$P = \frac{W}{\Delta t}$
$P_{\text{ave}} = F v_{\text{ave}}$	

GOLWE, KLANK EN LIG

$v = f \lambda$	$T = \frac{1}{f}$
$f_L = \frac{v \pm v_L}{v \pm v_s} f_s$	$E = hf$ or/of $E = \frac{hf}{\lambda}$
$E = W_0 + K_{\text{max}}$ or/of $E = W_0 + E_{k(\text{max})}$ where $E = hf$ and $W_0 = hf_0$ and $K_{\text{max}} = \frac{1}{2} mv_{\text{max}}^2$ or/of $E_{k(\text{max})} = \frac{1}{2} mv_{\text{max}}^2$	

ELEKTROSTATIKA

$F = \frac{kQ_1 Q_2}{r^2}$ ($k = 9,0 \times 10^9 \text{ N} \cdot \text{m}^2 \cdot \text{C}^{-2}$)	$E = \frac{kQ}{r^2}$ ($k = 9,0 \times 10^9 \text{ N} \cdot \text{m}^2 \cdot \text{C}^{-2}$)
$E = \frac{F}{q}$	$V = \frac{W}{q}$
$n = \frac{Q}{e}$ or/of $n = \frac{Q}{q_e}$	

ELEKTRIESE STROOMBANE

$R = \frac{V}{I}$	$\text{emk}(\varepsilon) = I(R + r)$
$R = r_1 + r_2 + r_3 + \dots$ $\frac{1}{R} = \frac{1}{r_1} + \frac{1}{r_2} + \frac{1}{r_3} + \dots$	$q = I \Delta t$
$W = Vq$ $W = VI \Delta t$ $W = I^2 R \Delta t$ $W = \frac{V^2 \Delta t}{R}$	$P = \frac{W}{\Delta t}$ $P = VI$ $P = I^2 R$ $P = \frac{V^2}{R}$

WISSELSTROOM

$I_{\text{rms}} = \frac{I_{\text{max}}}{\sqrt{2}}$ $V_{\text{rms}} = \frac{V_{\text{max}}}{\sqrt{2}}$	$P_{\text{ave}} = V_{\text{rms}} I_{\text{rms}}$ $P_{\text{ave}} = I_{\text{rms}}^2 R$ $P_{\text{ave}} = \frac{V_{\text{rms}}^2}{R}$
--	--



JENN

Training and Consultancy

The path to enlightened education

VAK: FISIESE WETENSAPPE

GRAAD 12

KWARTAAL 1

**HANDLEIDING VIR ONDERWYSERS EN LEERDERS SE
INHOUD**

Onderwerp

Newton se bewegingswette

NEWTON WETTE: EKSAMENRIGLYNE

Verskillende soorte kragte: gewig, normaalkrag, wrywingskrag, toegepaste krag (druk of trek), spanning (snare of kables)

- Definieer *normaalkrag*, N , as die krag of komponent van 'n krag wat die oppervlak uitoefen op 'n voorwerp waarmee dit kontak maak, en wat loodreg op die oppervlak is.
- Definieer *wrywingskrag*, f , as die krag wat die beweging van 'n voorwerp teenstaan en wat parallel met die oppervlak inwerk.

Definieer *statiese wrywing*, f_s , as die krag wat die neiging van beweging van 'n stilstaande voorwerp relatief tot 'n oppervlak teenstaan.

Definieer *kinetiese wrywing*, f_k , as die krag wat die beweging van 'n bewegende voorwerp relatief tot die oppervlak teenstaan.

Weet dat 'n wrywingskrag:

- Is eweredig aan die normaalkrag.
- Is onafhanklik van die kontakarea.
- Is onafhanklik van die bewegingssnelheid.
- Los probleme op met $f_s^{\text{maks}} = \mu_s N$ waar f_s^{maks} die maksimum statiese wrywingskrag is en μ_s die koëffisiënt van statiese wrywing.

NOTA:

- As die krag, F , wat op 'n liggaam parallel met die oppervlak toegepas word, nie veroorsaak dat die voorwerp beweeg nie, is F gelyk aan die statiese wrywingskrag.
- Die statiese wrywingskrag is 'n maksimum (f_s^{maks}) net voordat die voorwerp oor die oppervlak begin beweeg.
- As die toegepaste krag f_s^{maks} oorskry, versnel 'n resulterende netto krag die voorwerp.
- Los probleme op deur $f_k = \mu_k N$ te gebruik, waar f_k die kinetiese wrywingskrag is en μ_k die kinetiese wrywingskoëffisiënt.

Kragdiagramme, vryliggaamdiagramme

- Teken kragdiagramme.
- Teken vryliggaamdiagramme. (Dit is 'n diagram wat die relatiewe groottes en rigtings toon van die kragte wat inwerk op 'n liggaam/deeltjie wat van sy omgewing geïsoleer is)
- Los tweedimensionele kragte (soos die gewig op 'n voorwerp op 'n skuins vlak) op in sy parallelle (x) en loodregte (y) komponente.
- Bepaal die resulterende of netto krag van twee of meer kragte.

Newton se eerste, tweede en derde bewegingswette.

- Stel Newton se eerste bewegingswet: 'n Liggaam sal in sy toestand van rus of beweging teen konstante snelheid bly, tensy 'n nie-nul resultant/netto krag daarop inwerk.
- Bespreek hoekom dit belangrik is om 'n veiligheidsgordel te dra deur Newton se eerste bewegingswet te gebruik.
- Stel Newton se tweede bewegingswet: Wanneer 'n netto krag op 'n voorwerp inwerk, sal die voorwerp in die rigting van die netto krag versnel en versnelling is direk eweredig aan die netto krag en omgekeerd eweredig aan die massa van die voorwerp.

- Teken kragtediagramme en vryliggaamdiagram vir voorwerpe wat in ewewig is of versnel.
- Pas Newton se wette toe op verskillende ewewigs- en nie-ewewigsprobleme, insluitend:
 - 'n Enkele voorwerp:
 - Beweeg op horisontale vlak met of sonder wrywing
 - Beweeg op 'n skuins vlak met en sonder wrywing
 - Beweeg in die vertikale vlak (hysbakke, vuurpyle, ens.)
 - Tweeliggaamstelsels (verbind deur 'n ligte onrekbare tou) deur Newton se bewegingswette AFSONDERLIK OP ELK van die liggame toe te pas:
 - Beide op die horisontale vlak met en sonder wrywing
 - Een op 'n horisontale vlak met en sonder wrywing, en 'n tweede wat vertikaal aan 'n tou oor 'n wrywinglose katrol hang
 - Beide op 'n skuins vlak met of sonder wrywing
 - Albei hang vertikaal aan 'n tou oor 'n wrywinglose katrol.
- Stel Newton se derde bewegingswet: Wanneer voorwerp A 'n krag op voorwerp B uitoefen, oefen voorwerp B GELYKTYDIG 'n krag van gelyke grootte en teenoorgestelde rigting op voorwerp A uit
- Identifiseer aksie-reaksiepare.
- Lys die eienskappe van aksiereaksiepare.

Newton se universele gravitasiewet

- Stel Newton se universele gravitasiewet: Elke liggaam in die heelal trek elke ander liggaam aan met 'n krag wat direk eweredig is aan die produk van hul massas en omgekeerd eweredig is aan die kwadraat van die afstande tussen hul midelpunte.
- Los probleme op met $F = \frac{Gm_1m_2}{R^2}$
- Beskryf gewig as 'n gravitasiekrag wat die aarde op enige voorwerp op of naby sy oppervlak uitoefen.
- Bereken gewig met behulp van die uitdrukking $w = mg$.
- Bereken gewig van 'n voorwerp op ander planete met verskillende waardes van gravitasieversnelling
- Onderskei tussen *gewig* en *massa*.
- Verduidelik *gewigloosheid*.



BELANGRIKE TERME EN DEFINISIES

NEWTON SE BEWEGINGSWETTE

NORMALE KRAAG: N	Die krag of die komponent van 'n krag wat 'n oppervlak op 'n voorwerp waarmee dit in kontak is, uitoefen en wat loodreg op die oppervlak is.
KINETIESE WRYWINGSKRAAG: f_k	Die krag wat die beweging van 'n bewegende voorwerp relatief tot 'n oppervlak teenwerk
STATIESE WRYWINGSKRAAG: $f_{s\text{maks}}$	Die krag wat die neiging van 'n beweging van 'n stilstaande voorwerp relatief tot 'n oppervlak teenstaan.
NEWTON SE EERSTE BEWEGINGSWET	'n Liggaam sal in 'n toestand van rus of beweging teen konstante snelheid volhard, tensy 'n nie-nul resultant/netto krag daarop inwerk.
NEWTON SE TWEDE BEWEGINGSWET	Wanneer 'n netto krag op 'n voorwerp inwerk, sal die voorwerp in die rigting van die krag versnel en die versnelling is direk eweredig aan die krag en omgekeerd eweredig aan die massa van die voorwerp.
NEWTON SE DERDE BEWEGINGSWET	Wanneer voorwerp A 'n krag op voorwerp B uitoefen, oefen voorwerp B gelyktydig 'n krag van gelyke grootte en in die teenoorgestelde rigting op voorwerp A uit.
NEWTON SE WET VAN UNIVERSELE GRAVITASIE	Elke liggaam in die heelal trek elke ander liggaam aan met die krag wat direk eweredig is aan die produk van hul massas en omgekeerd eweredig is aan die kwadraat van die afstand tussen hul middelpunte.
GEWIG	Die gravitasiekrag wat die Aarde uitoefen op enige voorwerp op of naby sy oppervlak gemeet in Newton (N).
MASSA	Die hoeveelheid materie in 'n liggaam gemeet in kilogram (kg).
TRAAGHEID	Die weerstand van 'n liggaam teen verandering in sy toestand van rus of uniforme beweging in 'n teguit lyn.
GEWIGLOOSHEID	Die sensasie wat ervaar word wanneer alle kontakkragte verwyder word

DATA VIR FISIESE WETENSKAPPE GRAAD 12
VRAESTEL 1 (FISIKA)

TABLE 1: PHYSICAL CONSTANTS/TABEL 1: FISIESE KONSTANTES

NAME/NAAM	SYMBOL/SIMBOOL	VALUE/WAARDE
Acceleration due to gravity <i>Swaartekragversnelling</i>	g	$9,8 \text{ m}\cdot\text{s}^{-2}$
Universal gravitational constant <i>Universele gravitasiekonstante</i>	G	$6,67 \times 10^{-11} \text{ N}\cdot\text{m}^2\cdot\text{kg}^{-2}$
Radius of the Earth <i>Radius van die Aarde</i>	R_E	$6,38 \times 10^6 \text{ m}$
Mass of the Earth <i>Massa van die Aarde</i>	M_E	$5,98 \times 10^{24} \text{ kg}$
Speed of light in a vacuum <i>Spoed van lig in 'n vakuum</i>	c	$3,0 \times 10^8 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$

FORCE/KRAG

$F_{\text{net}} = ma$	$p = mv$
$f_s^{\text{max}} = \mu_s N$	$f_k = \mu_k N$
$F_{\text{net}} \Delta t = \Delta p$ $\Delta p = mv_f - mv_i$	$w = mg$
$F = G \frac{m_1 m_2}{d^2}$ or/of $F = G \frac{m_1 m_2}{r^2}$	$g = G \frac{M}{d^2}$ or/of $g = G \frac{M}{r^2}$

INHOUD



Belangrike konsepte

- Belangrike definisies en wette
- Vryliggaam-diagramme
- Berekeninge:
 - Normaalkrag
 - Wrywingskrag
 - Versnelling
 - Spanning
 - Komponente van krag toegepas en gravitasiekrag.
- Universele gravitasiewet
 - Berekening van gravitasiekrag
 - Berekening van gravitasieversnelling

Hoeveelheid Naam	Hoeveelheid simbool	Eenheid Naam	Eenheid simbool
Normaalkrag	N	Newton	N
Wrywingskrag	f	Newton	N
Kinetiese wrywing	FK	Newton	N
Maksimum statiese wrywing	$F_{S\text{maks}}$	Newton	N
Spanning	T	Newton	N
Netto krag	F_{net}	Newton	N
Massa	m	Kilogram	kg
Versnelling	a	Meter per sekonde kwadraat	m.s^{-2}
Wrywingskoëffisiënt	μ	Geen eenheid nie	

WRYWINGSKRAG EN NORMAALKRAG NORMAALKRAG (N)

Die krag of die komponent van 'n krag waarin 'n oppervlak uitoefen op 'n voorwerp waarmee dit in kontak is, en wat loodreg op die oppervlak is.

- **Normaalkrag** is die krag wat deur 'n plat oppervlak uitgeoefen word op 'n voorwerp waarmee dit in kontak is.
- Werk altyd loodreg (reghoekig, 90°) op die oppervlak.
- **Normaalkrag** gelyk aan die gravitasiekrag F_g , of die net van F_g en ander kragte wat loodreg op die oppervlak inwerk.

WRYWINGSKRAG (f)

- **Wrywingskrag** word veroorsaak deur een oppervlak wat geneig is om oor 'n ander te beweeg, terwyl dit in kontak is
- Weerstaan die beweging van 'n voorwerp.
 - Verhoed dat dit beweeg.
 - Of laat dit stadiger beweeg.

KINETIESE WRYWINGSKRAG (f_k)

$$f_k = \mu_k N$$

f_k – kinetiese wrywingskrag (N)

μ_k – Koëffisiënt van kinetiese wrywingskrag (geen eenheid nie)

N – Normaalkrag (N)

MAKSIMUM STATIESE WRYWINGSKRAG (f_s^{max})



$$f_s^{max} = \mu_s N$$

f_s^{max} – Statiese wrywingskrag (N)

μ_s – koëffisiënt van statiese wrywingskrag (geen eenheid)

N - Normaalkrag (N)

Normaalkrag gelyk aan gravitasiekrag of die net van F_g en ander kragte wat loodreg op die oppervlak inwerk.



$$F_{net} = ma = 0$$




$$N + (-w) = 0$$

$$N = w$$

$$N = mg$$

$$f_k = \mu_k N$$

$$f_k = \mu_k mg$$

TREK teen 'n hoek	DRUK/STOOT teen 'n hoek	Vir 'n voorwerp op die skuins vlak sal normaalkrag gelyk wees aan die grootte van loodregte komponent van gewig (w^\perp)
 $F_{net} = ma = 0$ $N + F_y + (-w) = 0$ $N = w - F_y$ $N = mg - F \sin \theta$ $f_k = \mu_k N$ $f_k = \mu_k (mg - F \sin \theta)$ <ul style="list-style-type: none"> • Wanneer die hoek verhoog word, sal die normaal afneem, dus sal die wrywingskrag ook afneem. • Wanneer die hoek verminder word, sal die normaalkrag toeneem, dus sal die wrywingskrag ook toeneem. 	 $F_{net} = ma = 0$ $N + (-F_y) + (-w) = 0$ $N = w + F_y$ $N = mg + F \sin \theta$ $f_k = \mu_k N$ $f_k = \mu_k (mg + F \sin \theta)$ <ul style="list-style-type: none"> • Wanneer die hoek verhoog word, sal die normaal toeneem, dus sal die wrywingskrag ook toeneem. • Wanneer die hoek verminder word, sal die normaalkrag afneem, dus sal die wrywingskrag ook afneem. 	 $F_{net} = ma = 0$ $N + (-w_\perp) = 0$ $N = w_\perp$ $N = w \cos \theta$ $N = mg \cos \theta$ $f_k = \mu_k N$ $f_k = \mu_k (mg \cos \theta)$ <ul style="list-style-type: none"> • Wanneer 'n hoek verhoog word, sal die normaalkrag afneem, dus sal die wrywingskrag ook afneem. • Wanneer 'n hoek verminder word, sal die normaalkrag toeneem, dus sal die wrywingskrag ook toeneem.
Enige verandering wat aan 'n hoek gemaak word, sal die koëffisiënt van kinetiese wrywing beïnvloed		

KRAGDIAGRAM EN VRYLIGGAAMDIAGRAM

- 'n **Vryliggaamdiagram** is 'n prentjie van 'n voorwerp van belang wat as 'n kolletjie geteken word en al die kragte wat daarop inwerk, word geteken as pylle wat van die kolletjie af wegwys (**in 'n vryliggaamdiagram word die voorwerp deur 'n kolletjie voorgestel**)
- **Kragtediagram**: kragtediagram is 'n voorstelling van al die kragte wat op die voorwerp inwerk. Dit word as 'n pyl geteken.


Voorbeelde	KRAGTE DIAGRAM	VRYLIGGAAM DIAGRAM
VOORBEELD 1 Krag F word toegepas op na regs, op 'n voorwerp wat op 'n growwe oppervlak rus.		
VOORBEELD 2 Krag F word uitgeoefen op 'n voorwerp, massa m en trek die voorwerp skuins, θ na die horisontale langs 'n growwe oppervlak.		
VOORBEELD 3 Krag F word op 'n voorwerp toegepas, massa m en druk die voorwerp skuins, θ na die horisontale oppervlak en ervaar wrywingskrag f .		
VOORBEELD 4 Voorwerp m , rus op 'n skuins vlak en ervaar 'n wrywingkrag f		
VOORBEELD 5 Voorwerp m hang aan 'n plafon met 'n ligte onrekbare tou.		

NB: Meer voorbeelde moet gedoen word op 'n skuins vlak en tweeliggaamstelsels (verbind deur 'n ligte onrekbare tou).

NEWTON SE BEWEGINGSWETTE

NEWTON SE EERSTE WET

'n Liggaam sal in sy toestand van RUS of beweging teen KONSTANTE SNELHEID bly, tensy 'n nie-nul resultant/netto krag daarop inwerk.



Newton se eerste wet word soms **TRAAGHEID** genoem.

Traagheid: Is 'n neiging van 'n voorwerp om enige verandering in sy rustoestand of uniforme beweging te weerstaan.

Toepassing: Die belangrikheid daarvan om veiligheidsgordels te dra:

- Ons dra veiligheidsgordels in motors. Hoekom?
- Dit is om ons te beskerm wanneer die motor in 'n ongeluk betrokke is. As 'n motor teen 120 km.h^{-1} ry, ry die passasiers in die motor ook teen 120 km.h^{-1} as gevolg van traagheid.
- Wanneer die motor skielik stop, word 'n krag op die motor uitgeoefen (wat dit stadiger maak), maar nie op die passasiers nie. Die passasiers sal voortgaan om vorentoe te beweeg teen 120 km.h^{-1} volgens Newton se eerste wet.
- As hulle veiligheidsgordels dra, sal die veiligheidsgordels hulle keer en dus verhoed dat hulle seerkry.


VOORBEELD 1

Twee voorwerpe word met 'n krag van 900 N oor 'n reguit, growwe horisontale oppervlak getrek. Die massa van voorwerp **A** is 130 kg, en die massa van voorwerp **B** is 95 kg. Die twee voorwerpe word verbind deur 'n ligte onrekbare tou.



Die twee voorwerpe beweeg teen konstante snelheid.

- 1.1 Teken 'n benoemde vryliggaamdiagram om al die kragte wat op voorwerp **A** inwerk te wys (5)



F_A	✓
T	✓
N	✓
F_g	✓
f	✓

- 1.2 Bereken die grootte van die kinetiese wrywingskrag tussen voorwerp **A** en die oppervlak as die kinetiese wrywingskoëffisiënt 0,45 is. (3)

$$f_k = \mu_k N \checkmark$$

$$f_k = \mu_k m g$$

$$f_k = (0.45)(130)(9.8) \checkmark$$

$$f_k = 573.3 \text{ N} \checkmark$$

- 1.3 Noem en stel die Wet wat relevant is vir die scenario hierbo. (3)

NEWTON SE EERSTE WET

'n Liggaam sal in sy toestand van **RUS** of beweging by **KONSTANTE SNELHEID** bly, tensy 'n nie-nul resultant/netto krag daarop inwerk.

NEWTON SE TWEEDE BEWEGINGSWET:

Wanneer 'n netto krag op 'n voorwerp inwerk, sal die voorwerp in die rigting van die netto krag versnel en versnelling is direk eweredig aan die krag en omgekeerd eweredig aan die massa van die voorwerp.


$$F_{\text{net}} = ma$$

- Direk eweredig beteken soos die versnelling toeneem, neem die F_{net} ook toe of versnelling neem af, ook die F_{netto} neem af.
- $a \propto F_{\text{net}}$

- Omgekeerd eweredig beteken dat namate die versnelling toeneem, die massa afneem.
- $a \propto \frac{1}{m}$

VOORBEELD 2


'n Blok van 5 kg word op 'n horisontale oppervlak geplaas. 'n Horisontale krag van 16 N word op die blok toegepas, die blok versnel na regs soos in die diagram hieronder getoon.



Die wrywingskrag tussen die blok en die oppervlak is 5 N

(4)

- 2.1 Teken 'n vryliggaamdiagram van alle kragte wat op die blok inwerk terwyl dit versnel



F_A	✓
N	✓
F_g	✓
f	✓

- 2.2 Stel die wet in woorde wat gebruik kan word om te verduidelik waarom die blok versnel

Wanneer 'n netto krag op 'n voorwerp inwerk, sal die voorwerp in die rigting van die netto krag versnel en versnelling is direk eweredig aan die krag en omgekeerd eweredig aan die massa van die voorwerp. ✓✓

2.3 Bereken die versnelling van die blok.

$$F_{net} = ma \checkmark$$

$$F_A - T = ma$$

$$16 - 5 = 5a \checkmark$$

$$a = 2.2 \text{ m.s}^2 \checkmark$$

2.4 Die grootte van die krag word nou verhoog tot 25 N. Verduidelik hoe die grootte van versnelling beïnvloed sal word

$$F_{net} = ma$$

Volgens Newton se tweede wet is F_{net} direk eweredig aan versnelling. \checkmark $a \propto F_{net}$



'n Toename in die netto krag sal versnelling verhoog \checkmark

NEWTON SE DERDE WET

Wanneer voorwerp A 'n krag op voorwerp B uitoefen, oefen voorwerp B GELYKTYDIG 'n krag van gelyke grootte en in teenoorgestelde rigting op voorwerp A uit.

Persoon (VOORWERP A)

Muur (VOORWERP B)



EIENSKAPPE VAN AKSIE-REAKSIEPAAR

Hulle is nie gebalanseer nie omdat die kragte op die VERSKILLENDE VOORWERPE inwerk.

1. Twee kragte van aksie en reaksie het dieselfde **grootte**, maar werk in teenoorgestelde rigtings.
2. Hulle werk op verskillende voorwerpe.
3. Hulle werk in dieselfde lyn.
4. Hulle spruit uit dieselfde interaksie.
5. Hulle kom gelyktydig voor.

NEWTON SE WET VAN UNIVERSELE GRAVITASIE

Elke liggaam in die heelal trek elke ander liggaam aan met die krag wat direk eweredig is aan die produk van hul massas en omgekeerd eweredig is aan die kwadraat van die afstand tussen hul middelpunte.

$$F = \frac{Gm_1m_2}{r^2}$$

- Die aantrekkingskrag tussen twee voorwerpe is direk eweredig aan die produk van hul massas.

$$F \propto m_1m_2$$


- En omgekeerd eweredig aan die kwadraat van die afstand tussen hul middelpunte.

$$F \propto \frac{1}{r^2}$$

VRAAG 1




- 1.1 Tom stoot en Zane trek 'n trollie, gelaai met gebreekte klip, oor 'n growwe oppervlak op 'n konstruksieterrein. Die massa van die trollie en die inhoud daarvan is 350 kg. Tom druk met 'n krag van 200 N en Zane trek met 'n krag van 160 N met 'n tou, wat 'n hoek van 65° met die horisontale maak, soos in die diagram hieronder getoon.



- 1.1.1 Definieer spanningskrag en gee 'n voorbeeld van so 'n krag in die diagram hierbo. (3)
- 1.1.2 Hoe sal die wrywingskrag op die trollie beïnvloed word deur Zane se toegepaste krag? Skryf slegs VERMEERDER, VERMINDER OF BLY KONSTANT. (2)
- 1.1.3 Teken 'n vryliggaamdiagram van AL die kragte wat op die trollie en sy inhoud inwerk. (5)
- 1.2 As die netto krag wat op die trollie inwerk en die inhoud daarvan 205 N is, bereken die kinetiese wrywingskoëffisiënt (μ_k) tussen die oppervlak en die trollie. (6)
- [16]

VRAAG 2

Twee blokke, P en Q, wat op 'n growwe horisontale oppervlak rus, word verbind deur 'n ligte onrekbare tou. Die tou vorm 'n hoek van 25° na die horisontaal. Die blokke het massas onderskeidelik 5 kg en 8 kg. 'n Konstante krag F word op die 8 kg-blok toegepas, soos hieronder getoon.



Die twee blokke beweeg nou na regs teen 'n KONSTANTE SPOED van $3 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$

- 2.1 Stel Newton se eerste bewegingswet in woorde. (2)
- 2.2 Teken 'n benoemde vryliggaamdiagram vir blok P. (4)

Die spanning in die tou tussen die blokke is 5 N.

2.3 Bereken die horisontale komponent van die spanning in die tou (T). (2)

Blok P en Q ervaar konstante wrywingskragte van 2,5 N en 1 N onderskeidelik.

2.4 Definieer 'n netto krag (resulterende krag) in woorde. (2)

2.5 Bereken die grootte van krag F. (2)


Die tou wat P en Q verbind, breek skielik terwyl krag F nog toegepas word.

2.6 Is die rigting van die versnelling van blok Q nou na LINKS of REGS? Verduidelik jou antwoord. (3)

2.7 Hoe sal die netto krag wat op blok P inwerk, beïnvloed word wanneer die tou breek? Kies uit VERMEERDERS, VERMINDER of BLY DIESELFDE. (1)
[17]

VRAAG 3

3.1 'n Krat van 360 kg rus agter op 'n vragmotor met 'n growwe oppervlak. Die vragmotor se massa is 4 550 kg en ry teen 'n spoed van $105 \text{ km} \cdot \text{h}^{-1}$ na regs. Die bestuurder rem en die vragmotor vertraag tot 'n spoed van $62 \text{ km} \cdot \text{h}^{-1}$ in 7 s.



3.1.1 As die krat nie met toue vasgemaak is nie, verduidelik wat sal met die krat gebeur as die bestuurder rem trap. (2)


3.1.2 NOEM en STEL Newton se bewegingswet in woorde wat gebruik is om VRAAG 3.1.1. te antwoord (3)

3.1.3 Teken 'n benoemde vryliggaamdiagram van AL die kragte wat op die krat inwerk terwyl die bestuurder rem stap. (3)

3.1.4 Bereken die versnelling van die vragmotor terwyl die bestuurder rem stap. (4)

3.1.5 Bereken die krag wat deur die remme op die vragmotor toegepas word. (4)

- 3.2 Twee speelgoedmotors met wrywinglose wiele word aanmekaar vasgemaak en getrek, soos in die diagram hieronder getoon.
Die massa van elke motor is soos volg: $m_1 = 0,75 \text{ kg}$ en $m_2 = 0,8 \text{ kg}$
Die motors word na regs getrek met 'n horisontale krag van $6,5 \text{ N}$.



- 3.2.1 Stel Newton se Tweede Bewegingswet in woorde. (2)
3.2.2 Bereken die versnelling van die stelsel. (4)
3.2.3 Bereken die krag wat deur motor m_1 op motor m_2 uitgeoefen word. (3)
[25]



JENN

Training and Consultancy

The path to enlightened education

VAK: FISIESE WETENSAPPE

GRAAD 12









KWARTAAL 1

**HANDLEIDING VIR
ONDERWYSERS EN LEERDERS SE INHOUD**

Onderwerp

Vertikale projektielbeweging

IKON BESKRYWING

 BREINKAART	 EKSAMENRIGLYNE	 INHOUD	 AKTIWITEITE
 BIBLIOGRAFIE	 TERMINOLOGIE	 UITGEWERKTE VOORBEELDE	 STAPPE

INHOUD

BLADSY

ONDERWERP 2: Vertikale projektielbeweging <ul style="list-style-type: none"> Eksamenriglyne en uitkomste Belangrike terme en definisies Uitgewerkte voorbeelde Aktiwiteite 	23 - 43
---	----------------



EKSAMENRIGLYNE

- Verduidelik wat bedoel word met 'n projektiel, dit wil sê 'n voorwerp wat 'n beginsnelheid gekry het en dan beweeg dit slegs onder die invloed van die gravitasiekrag.
- Definieer vrye val as beweging waartydens die enigste krag wat op 'n voorwerp inwerk die gravitasiekrag is.
- Gebruik bewegingsvergelykings om die posisie, snelheid en verplasing van 'n projektiel op enige gegewe tydstop te bepaal.
- **Skets posisie teenoor tyd (x vs. t), snelheid teenoor tyd (v vs. t) en versnelling teenoor tyd (a vs. t) grafieke vir:**
 - 'n Vryvallende voorwerp
 - 'n Voorwerp wat vertikaal opwaarts gegooi word
 - 'n Voorwerp wat vertikaal afwaarts gegooi word
 - Bonsense voorwerpe (beperk tot balle)
- **Vir 'n gegewe x vs. t , v vs. t of a vs. t grafiek, bepaal:**
 - Posisie
 - Verplasing
 - Snelheid of versnelling te eniger tyd t
- **Vir 'n gegewe x vs. t , v vs. t of a vs. t grafiek, beskryf die beweging van die voorwerp:**
 - Wat bons
 - Wat vertikaal opwaarts gegooi is
 - Wat vertikaal afwaarts gegooi is


BELANGRIKE TERME EN DEFINISIES

Projektiel - 'n voorwerp wat 'n beginsnelheid gekry het en dan beweeg dit slegs onder die invloed van die gravitasiekrag.

Vryval - as beweging waartydens die enigste krag wat op 'n voorwerp inwerk, die gravitasiekrag is.

Projektiel

- 'n Voorwerp wat in die lug gelanseer word (**afwaarts of opwaarts**) deur:
 - Skop
 - Slaan of
 - Gooi dit.
- Daarna beweeg dit slegs onder die invloed van gravitasiekrag.



Beweging van 'n projektiel

- Die beweging van 'n voorwerp wat vertikaal (**afwaarts of opwaarts**) gegooi word. Na die aanvanklike krag wat die voorwerp lanseer, ervaar dit slegs swaartekrag.
- Die voorwerp word 'n **projektiel genoem**

Beskrywing	Snelheid	Verandering in snelheid	Gravitasie versnelling
Voorwerp beweeg opwaarts	Opwaarts	Stadiger (verminder)	Afwaarts
Voorwerp beweeg afwaarts	Afwaarts	Vinniger (verhoog)	Afwaarts

Vryval

Die beweging van 'n voorwerp in die gravitasieveld van die aarde slegs onder die invloed van gravitasiekrag.

Versnelling as gevolg van swaartekrag

- Alle vryvallende liggame het dieselfde **konstante gravitasieversnelling**.
- Hierdie versnelling is **9,8 m.s⁻² afwaarts** op enige punt van sy beweging ongeag of dit:
 - **op beweeg** of
 - **af beweeg** of
 - **op die maksimum hoogte is (keerpunt)**

Bewegingsvergelykings (GROOT VIER)

$$\begin{aligned}v_f &= v_i + a\Delta t & V_i &= \text{beginsnelheid (m.s}^{-1}\text{)} \\v_f^2 &= v_i^2 + 2a\Delta y & V_f &= \text{eindsnelheid (m.s}^{-1}\text{)} \\ \Delta y &= v_i\Delta t + \frac{1}{2}a\Delta t^2 & a &= \text{gravitasieversnelling} = 9,8 \text{ m.s}^{-2} \\ \Delta y &= \left(\frac{v_i + v_f}{2}\right)\Delta t & \Delta t &= \text{tyd (s)} \\ & & \Delta y &= \text{verplasing (m)}\end{aligned}$$

Elkeen van die GROOT VIER-vergelykings ontbreek een van die vyf fundamentele hoeveelhede.

PROBLEEMOPLOSSING STRATEGIE

STAP 1: Lees die verklaring noukeurig deur. Identifiseer sleutelwoorde.

STAP 2: Maak sin van die stelling (Teken 'n diagram)

STAP 3: Kies rigting (opwaarts as +; afwaarts as - OF andersom)

STAP 4: Tabel/skets die gegewe data.


STAP 5: Identifiseer die geskikte formule uit die **DATABLAD**

STAP 6: Vervang die bekende waardes in die formule en los op vir onbekende veranderlike.

N.B. Dit is raadsaam om die bewegingsrigting as positief te neem.

Beskrywing van vertikale projektielbeweging

SCENARIO A1: Wanneer 'n projektiel (uit rus) van 'n sekere hoogte bo die grond laat val word.



$$V_i = 0 \text{ m.s}^{-1}$$

$$V_f > 0 \text{ m.s}^{-1}$$

- $a = 9,8 \text{ m.s}^{-2}$ afwaarts
- snelheid raak meer soos die bal afwaarts beweeg
- $v_i = 0 \text{ m.s}^{-1}$
- snelheid is die maksimum net voor die bal die grond tref.
- $V_f \text{ onder } > v_i > 0 \text{ m.s}^{-1}$

positief of negatiewe teken word gebruik om rigting vir opwaarts en afwaarts te definieer

As twee voorwerpe van verskillende hoogtes vrygestel word, het hulle dieselfde versnelling, maar hulle tref die grond op verskillende tye en het 'n ander eindsnelheid.

Ignoreer lugweerstand; As 'n **bal** en 'n **rots** gelyktydig van dieselfde hoogte laat val word, sal hulle terselfdertyd die grond tref, en hul eindsnelheid sal dieselfde wees.


Maar hul **momentum (mv)** en **kinetiese energie ($\frac{1}{2}mv^2$)** is nie dieselfde nie, as gevolg van 'n **verskil in massa**.

MOTION


$V_f = V_i + a \Delta t$	$\Delta x = V_i \Delta t + \frac{1}{2} a \Delta t^2$ or/of $\Delta y = V_i \Delta t + \frac{1}{2} a \Delta t^2$
$V_f^2 = V_i^2 + 2a\Delta x$ or/of $V_f^2 = V_i^2 + 2a\Delta y$	$\Delta x = \left(\frac{V_i + V_f}{2} \right) \Delta t$ or/of $\Delta y = \left(\frac{V_i + V_f}{2} \right) \Delta t$



UITGEWERKTE VOORBEELD 1



'n Bal word van 'n hoogte van 'n gebou laat val en bereik die grond na 2,02 s. Ignoreer die gevolge van lugweerstand.



- 1.1 Bereken die snelheid waarteen die bal die grond tref.
- 1.2 Bereken die hoogte van die gebou.
- 1.3 Teken die snelheid-tydgrafiek. Dui die eindsnelheid aan en die tyd wat dit neem om die grond te bereik.
- 1.4 Neem die grond as verwysingspunt en teken die posisie-tydgrafiek.

OPLOSSINGS

- 1.1 **STAP 1:** Kies rigting

Neem afwaarts as **POSITIEF**

STAP 2: Identifiseer eers die onbekende veranderlike

$V_f = +?$

STAP 3: Versamel enige ander gegewe data

a	Δt	V_i	V_f	Δy
+9.8 m.s ⁻²	2.02 s	0 m.s ⁻¹	?	?

STAP 4: Kies 'n toepaslike vergelyking, vervang, bereken, kry 'n antwoord met die korrekte eenheid, **EN** dui rigting aan waar nodig

$$v_f = v_i + a\Delta t$$

$$v_f = (0) + (+9.8)(2.02)$$

$$v_f = 19.8 \text{ m. s}^{-1} \text{ afwaarts}$$

1.2 **STAP 1:** Kies rigting

Neem afwaarts as **POSITIEF**

STAP 2: Identifiseer eers die onbekende veranderlike

$$\Delta y = +?$$

STAP 3: Versamel enige ander gegewe data

a	Δt	V_i	V_f	Δy
+9.8 m.s ⁻²	2,02 s	0 m.s ⁻¹	?	?


STAP 4: Kies 'n toepaslike vergelyking, vervang, bereken, kry 'n antwoord met die korrekte eenheid, **EN** dui rigting aan waar nodig

$$\Delta y = v_i \Delta t + \frac{1}{2} a \Delta t^2$$


$$\Delta y = (0)(2.02) + \frac{1}{2} (+9.8)(2.02^2)$$

$$\Delta y = 20 \text{ m}$$

1.3




1.4



SCENARIO A2:


Wanneer 'n voorwerp gegooi word ('n beginsnelheid gegee word) vanaf 'n sekere hoogte bo die grond.



- $a = 9,8 \text{ m.s}^{-2}$ afwaarts
- snelheid raak meer soos die bal afwaarts beweeg
- $v_i \neq 0 \text{ m.s}^{-1}$
- snelheid is die maksimum net voor die bal die grond tref.
- $V_f \text{ onder } > v_i$

positief of negatiewe teken word gebruik om rigting vir opwaarts en afwaarts te definieer

WARM LUGBALLON




- $V_i = V$ van LUGBALLON
- daarom $V_i > 0 \text{ m.s}^{-1}$

Neem afwaarts as POSITIEF (geen opwaartse beweging nie) $V_i = V$ LUGBALLON

$$V_f = +$$


$$\Delta y = +$$

$$a = +9.8 \text{ m.s}^{-1}$$



UITGEWERKTE VOORBEELD 2

'n Bal word vertikaal van 'n hoogte van 'n gebou af gegooi met 'n snelheid van 10 m.s^{-1} . Ignoreer die gevolge van lugweerstand.



- 2.1 Bereken die snelheid waarteen die bal die grond tref.
- 2.2 Bereken die tyd wat dit dan neem om die bal die grond te tref.
- 2.3 Teken die snelheidstydgrafiek. Dui die eindsnelheid aan en die tyd wat dit neem om die grond te bereik.
- 2.4 Neem die projeksiepoint as verwysingspunt, teken die posisie–tydgrafiek.

OPLOSSINGS

- 2.1 **STAP 1:** Kies rigting

Neem afwaarts as **POSITIEF**

STAP 2: Identifiseer eers die onbekende veranderlike

$V_f = +?$

STAP 3: Versamel enige ander gegewe data

a	Δt	V_i	V_f	Δy
$+9.8 \text{ m.s}^{-2}$?	$+10 \text{ m.s}^{-1}$?	20 m

STAP 4: Kies 'n toepaslike vergelyking, vervang, bereken, kry 'n antwoord met die korrekte eenheid, **EN** dui rigting aan waar nodig

$$v_f^2 = v_i^2 + 2a\Delta y$$

$$\sqrt{v_f^2} = (10)^2 + 2(9.8)(20)$$

$$v_f = 22,18 \text{ m.s}^{-1} \text{ afwaarts}$$

2.2 **STAP 1:** Kies rigting

Take downwards as **POSITIVE**

STAP 2: Identifiseer eers die onbekende veranderlike

$\Delta t = +?$

STAP 3: Versamel enige ander gegewe data

a	Δt	V_i	V_f	Δy
$9,8 \text{ m.s}^{-2}$?	$+10 \text{ m.s}^{-1}$	$22,18 \text{ m.s}^{-1}$	20


STAP 4: Kies 'n toepaslike vergelyking, vervang, bereken, kry 'n antwoord met die korrekte eenheid, **EN** dui rigting aan waar nodig

$$\Delta y = \left(\frac{v_i + v_f}{2} \right) \Delta t$$


$$(20) = \left[\frac{(10) + (22,18)}{2} \right] \Delta t$$

$$\Delta t = 1,24 \text{ s}$$

2.3




2.4



VOORBEELD 3

'n Lugballon styg met 'n konstante snelheid van $5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$. 'n Bal word op 'n hoogte van 50 m uit die lugballon laat val en val vertikaal na die grond.



- 3.1 Bereken die afstand tussen die lugballon en bal na 2 sekondes
- 3.2 Bereken die snelheid van die bal wanneer dit die grond bereik.

OPLOSSINGS

3.1 STAP 1: Kies rigting

Neem afwaarts as **POSITIEF**

STAP 2: Identifiseer eers die onbekende veranderlike

$\Delta y = -?$ Distance travelled by **BALLON**

STAP 3: Versamel enige ander gegewe data

A	Δt	V_i	V_f	Δy
$0 \text{ m}\cdot\text{s}^{-2}$	2 s	$-5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$?	-?

STAP 4: Kies 'n toepaslike vergelyking, vervang, bereken, kry 'n antwoord met die korrekte eenheid, **EN** dui rigting aan waar nodig

$$\Delta y = v_i \Delta t + \frac{1}{2} a \Delta t^2$$

$$\Delta y = (-5)(2) + \frac{1}{2}(0)(2^2)$$

$$\Delta y = -10 \text{ m}$$

$$\Delta y = 10 \text{ m opwaarts}$$

STAP 1: Kies rigting

Neem afwaarts as **POSITIEF**

STAP 2: Identifiseer eers die onbekende veranderlike

$\Delta y = +?$ Distance travelled by **BAL**

STAP 3: Versamel enige ander gegewe data

a	Δt	V_i	V_f	Δy
$9.8 \text{ m}\cdot\text{s}^{-2}$	2 s	$-5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$?	?

STAP 4: Kies 'n toepaslike vergelyking, vervang, bereken, kry 'n antwoord met die korrekte eenheid, **EN** dui rigting aan waar nodig

$$\Delta y = v_i \Delta t + \frac{1}{2} a \Delta t^2$$

$$\Delta y = (-5)(2) + \frac{1}{2}(9,8)(2^2)$$

$$\Delta y = 9,6 \text{ m afwaarts}$$

$$\therefore \text{Totale afstand} = 10 + 9.6$$

$$= 19,6 \text{ m uit mekaar}$$

3.2

a	Δt	V_i	V_f	Δy
$9,8 \text{ m.s}^{-2}$?	-5 m.s^{-1}	?	$+50 \text{ m}$

$$v_f^2 = v_i^2 + 2a\Delta y$$

$$v_f^2 = (-5)^2 + 2(9.8)(50)$$

$$v_f = \sqrt{25 + 980}$$

$$v_f = 13,70 \text{ m.s}^{-1} \text{ afwaarts}$$

SENARIO B1: Die projektiel word vertikaal opwaarts gegooi vanaf 'n beginpunt, draai om en keer terug na die beginpunt.

$$V_{f(\text{op})} = V_{i(\text{af})} = 0 \text{ m.s}^{-1}$$



$$V_{i(\text{op})} = V_{f(\text{af})}$$




$$V_f > V_i$$

- $a = 9,8 \text{ m.s}^{-2}$ afwaarts
- snelheid raak minder soos die bal op beweeg
- snelheid raak meer soos die bal afwaarts beweeg
- $v_i (\text{op}) = v_f (\text{af})$
- $v_f (\text{op}) = v_i (\text{af}) = 0 \text{ m.s}^{-1}$
- Δt (vir opwaartse beweging) = Δt (af)

positief of negatiewe teken word gebruik om rigting vir opwaarts en afwaarts te definieer

SCENARIO B2: Die projektiel word vanaf die beginpunt bo die grond opwaarts gegooi, draai om en beweeg afwaarts VERBY DIE BEGINPUNT NA DIE GROND.




- $a = 9,8 \text{ m.s}^{-2}$ afwaarts
- snelheid raak minder soos die bal op beweeg
- snelheid raak meer soos die bal afwaarts beweeg
- $v_i (\text{op}) \neq 0 \text{ m.s}^{-1}$
- $v_f (\text{op}) = v_i (\text{af}) = 0 \text{ m.s}^{-1}$
- $v_f (\text{af}) > v_i (\text{op})$


Beginpunt as verwysingspunt:

- Δy onder die beginpunt het dieselfde teken as afwaartse beweging
- Δy bo die beginpunt het dieselfde teken as opwaartse beweging

UITGEWERKTE VOORBEELD 4



'n Bal word vertikaal opwaarts geprojekteer met 'n snelheid van 30 m.s^{-1} . Dit tref die grond na 8s.



- 4.1 Bereken die maksimum hoogte bereik deur die bal bo die projeksiepoint.
- 4.2 Bepaal die hoogte van die gebou.
- 4.3 Teken die posisie-tydgrafiek vir die beweging. Neem die projeksiepoint as nulpunt

OPLOSSINGS

- 4.1 **STAP 1:** Kies rigting

Neem afwaarts as **POSITIEF**

STAP 2: Identifiseer eers die onbekende veranderlike

$$\Delta y = -?$$

STAP 3: Versamel enige ander gegewe data

a	Δt	V_i	V_f	Δy
$+9.8 \text{ m.s}^{-2}$?	-30 m.s^{-1}	0 m.s^{-1}	?

STAP 4: Kies 'n toepaslike vergelyking, vervang, bereken, kry 'n antwoord met die korrekte eenheid, **EN** dui rigting aan waar nodig

$$v_f^2 = v_i^2 + 2a\Delta y$$

$$0 = (-30)^2 + 2(9.8)\Delta y$$

$$\Delta y = -45,92 \text{ m}$$

$$\therefore \Delta y = 45,92 \text{ m bo projeksiepoint}$$

4.2 **STAP 1:** Kies rigting

Neem afwaarts as **POSITIEF**

STAP 2: Identifiseer eers die onbekende veranderlike

$$\Delta y = +?$$

STAP 3: Versamel enige ander gegewe data

a	Δt	V_i	V_f	Δy
+9.8 m.s ⁻²	8 s	-30 m.s ⁻¹	?	+?


STAP 4: Kies 'n toepaslike vergelyking, vervang, bereken, kry 'n antwoord met die korrekte eenheid, **EN** dui rigting aan waar nodig

$$\Delta y = v_i \Delta t + \frac{1}{2} a \Delta t^2$$

$$\Delta y = (-30)(8) + \frac{1}{2} (9,8)(8)^2$$

$$\Delta y = 73,6 \text{ m hoogte}$$


4.3




GRAFIEKE: Die projektiel word vanaf die beginpunt bo die grond LAAT VAL en beweeg afwaarts.

Wanneer ons vertikale projektielbewegingsgrafieke teken, moet ons TEKENKONVENSIE gebruik. KIES DUS 'N RIGTING


Snelheid – Tyd Grafiek



AFWAARTS POSITIEF




OPWAARTS POSITIEF




Posisie – Tyd grafiek

AFWAARTS POSITIEF

Neem die BEGIN as ZERO verwysing




Neem die GROND as ZERO verwysing




Versnelling – Tyd Grafiek

AFWAARTS POSITIEF




OPWAARTS POSITIEF




OPWAARTS POSITIEF

Neem die BEGIN as ZERO verwysing




Neem die GROND as ZERO verwysing




GRAFIEK: Die projektiel word vanaf die beginpunt bo die grond opwaars gegooi en beweeg afwaars TERUG NA DIE BEGINPUNT.

Snelheid – Tyd Grafiek




Posisie – Tyd grafiek

OPWAARTS POSITIEF




AFWAARTS POSITIEF




Versnelling – Tyd Grafiek

AFWAARTS POSITIEF




OPWAARTS POSITIEF




Die bonsende bal


'n bal word van 'n hoogte af laat val en **bons van die grond af** en kom daarna op die grond tot stilstand (op is +, grond is nul vlak)



In sommige grafieke word die tydsinterval van die botsing aangedui deur 'n spasie tussen t_1 and t_2



Let op die oorgang wanneer die bal bons ... 'n **Stippellyn** moet die twee dele van die snelheidsgrafiek verbind ...



Versnelling deurgaans konstant, maar let op die diskontinuiteit by t_m




AKTIWITEITE

VRAAG 1

'n Stilstaande vuurpyl op die grond word vertikaal opwaarts gelanseer. Na 4 s is die vuurpyl se brandstof opgebruik en dit is 225,6 m bo die grond. Op hierdie oomblik is die snelheid van die vuurpyl $112,8 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$. Die diagram hieronder toon die pad wat deur die vuurpyl gevolg word. Ignoreer die gevolge van lugwrywing.

Aanvaar dat g nie verander tydens die hele beweging van die vuurpyl nie.




- 1.1 Skryf die rigting van die versnelling van die vuurpyl by die punt neer:
- 1.1.1 **P** (1)
- 1.1.2 **Q** (1)
- 1.2 Op watter stadium (**P of Q**) is die vuurpyl in vryval? Gee 'n rede vir die antwoord. (2)
- 1.3 NEEM OPWAARTSE BEWEGING AS POSITIEF, GEBRUIK BEWEGINGSVERGELYKINGS om die tyd wat dit neem te bereken vanaf die oomblik dat die vuurpyl gelanseer word totdat dit die grond tref. (6)
- 1.4 Skets 'n snelheid-tydgrafiek vir die beweging van die vuurpyl vanaf die oomblik dat dit brandstof opraak totdat dit die grond tref. Neem die tyd wanneer die vuurpyl se brandstof opraak as $t = 0 \text{ s}$.
- Dui die volgende waardes op die grafiek aan:
- Snelheid van die vuurpyl wanneer brandstof opraak
 - Tyd waarop die vuurpyl die grond tref
- (5)

[12]



VRAAG 2

'n Motor, 0,6 m hoog, staan langs 'n woonstelblok geparkeer. 'n Leerder leun oor die rand. Van die dak van die gebou, 21 m bo die dak van die motor. Die leerder gooi 'n bal, met 'n massa van 500 g, vertikaal opwaarts. Die bal beweeg opwaarts na punt X, val terug verby die bokant van die gebou en tref die dak van die motor na 2,88 s.



Ignoreer alle effekte van lugweerstand.

2.1 Skryf die volgende neer wat die bal by punt X ervaar:

2.1.1 Grootte van die netto krag. (1)

2.1.2 Rigting van die versnelling. (1)

2.2 Bereken die:

2.2.1 Grootte van die snelheid waarmee die bal opwaarts gegooi is. (4)

2.2.2 Maksimum hoogte wat die bal bo die grond sal bereik. (4)

2.3 Die bal tref die dak van die geparkeerde motor en bons van die dak af met 'n spoed van $18 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$. Die bal is vir 0,1 s in kontak met die dak van die motor. Bereken die grootte van die krag wat die dak van die motor op die bal uitoefen.


(5)

[15]



VRAAG 3

Bal **A** word van 'n balkon 25 m van die grond af laat val. TERSELFDE TYD word 'n identiese bal **B** vertikaal afwaarts geprojekteer vanaf die bokant van 'n gebou 40 m van die grond af soos in die diagram hieronder getoon.



Die balle tref gelyktydig die grond. Ignoreer die gevolge van lugweerstand.

3.1 Definieer die term projektiel. (2)

3.2 Bereken die grootte van die:

3.2.1 Snelheid waarmee bal **A** die grond bereik (3)

3.2.2 Snelheid waarmee **B** geprojekteer moet word om die grond op dieselfde tyd as A te bereik . (4)

3.3 Skets op dieselfde assestelsel 'n snelheids-tydgrafiek vir elke bal (**A en B**) vir die hele beweging. Neem af as positief.

Wys die volgende op jou grafiek:

- Aanvanklike snelheid van beide balle **A en B**
- Tyd geneem om die grond te tref (4)

[13]



VRAAG 4

'n Man gooi bal **A** afwaarts met 'n spoed van $2 \text{ m} \cdot \text{s}^{-1}$ vanaf die rand van 'n venster, 45 m bokant 'n dam water. 'n Sekonde later gooi hy 'n tweede bal, bal **B**, afwaarts en sien dat albei balle gelyktydig die oppervlak van die water in die dam tref. Ignoreer lugwrywing.

4.1 Bereken die:

4.1.1 Spoed waarmee bal **A** die oppervlak van die water tref (3)

4.1.2 Tyd wat dit neem vir bal **B** om die oppervlak van die water te tref (3)

4.1.3 Aanvanklike snelheid van bal **B** (5)

4.3 Skets op dieselfde assestelsel 'n snelheids-tydgrafiek vir die beweging van balle **A** en **B**. Dui die volgende duidelik op jou grafiek aan:


- Aanvanklike snelhede van beide balle **A** en **B**
- Die tyd van vrylating van bal **B**
- Die tyd wat albei balle neem om die oppervlak van die water te tref (5)

[16]



VRAAG 5

'n Bal met 'n massa van 0,5 kg word vertikaal afwaarts na die grond geprojekteer vanaf 'n hoogte van 1,8 m teen 'n snelheid van $2 \text{ m} \cdot \text{s}^{-1}$. Die posisie-tydgrafiek vir die beweging van die bal word hieronder getoon.



5.1 Wat is die maksimum vertikale hoogte wat die bal bereik na die tweede bons? (1)

Bereken die:

5.2 Grootte van die tyd t_1 aangedui op die grafiek (5)

5.3 Snelheid waarmee die bal van die grond af terugspring tydens die eerste weiering (4)

Die bal is vir 0,2 s in kontak met die grond tydens die eerste bons.

5.4 Bereken die grootte van die krag wat die grond op die bal uitoefen tydens die eerste bons as die bal die grond teen $6,27 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ tref. (4)

5.5 Teken 'n snelheid-tydgrafiek vir die beweging van die bal vanaf die tyd dat dit geprojekteer word tot die tyd wanneer dit terugspring tot 'n hoogte van 0,9 m.


Wys die volgende duidelik op jou grafiek:

- Die tyd wanneer die bal die grond tref
- Die snelheid van die bal wanneer dit die grond tref (3)

[15]

VRAAG 6

Die posisie-tydgrafiek word gegee vir 'n bal wat van 'n vertikale hoogte van 1,8 m af gegooi word en een keer bons wanneer dit die grond bereik. Die kontaktyd tussen die bal en die vloer kan geïgnoreer word.



6.1 Bereken die aanvanklike snelheid waarmee die bal gegooi is. (3)

6.2 Teen watter spoed tref die bal die grond? (3)

6.3 Teen watter spoed het die bal die grond verlaat nadat hy gebons het? (3)

6.4 Bereken die waarde van tyd t. (4)


6.5 Skets 'n snelheid-tydgrafiek om die beweging van die bal voor te stel. Dui die volgende waardes op die grafiek aan:

- Die aanvanklike snelheid waarteen die voorwerp gegooi is.
- Die snelheid waarteen die bal die grond tref.
- Die snelheid waarteen die bal van die grond af bons.
- Die tyd waarop die bal vir die eerste keer die grond tref.
- Die tyd, t, wanneer die bal die grond tref na die eerste bons (6)

[19]

VRAAG 7

Die snelheid-tydgrafiek hieronder dui die beweging aan van die bal wat opwaarts gegooi word vanaf 'n balkon van 'n gebou. Dit neem 0,5 s vir die bal om sy hoogste punt bo die balkon te bereik, waarna dit verby die balkon val en die grond tref. Ignoreer die gevolge van wrywing.



- 7.1 Noem die numeriese waarde van:
- 7.1.1 Die gradiënt van die snelheid-tydgrafiek. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- 7.1.2 Tyd, t_x , soos op die grafiek getoon. (1)
- 7.2 Gebruik SLEGS die grafiek (GEEN bewegingsvergelykings) om die maksimum hoogte wat die bal aan die bokant van die balkon bereik, te bepaal. (3)
- 7.3 Deur bewegingsvergelykings en data uit die grafiek te gebruik, bereken die:
- 7.3.1 Snelheid, x , waarmee die bal die grond tref. (3)
- 7.3.2 Hoogte van die balkon bo die grond (3)
- 7.4 Skets 'n versnellings-tydgrafiek vir die beweging van die bal. (2)

[14]



JENN

Training and Consultancy

The path to enlightened education

VAK: FISIESE WETENSAPPE

GRAAD 12









KWARTAAL 1

**HANDLEIDING VIR ONDERWYSERS EN LEERDERS SE
INHOUD**

Onderwerp

MOMENTUM EN IMPULS

IKON BESKRYWING

 BREINKAART	 EKSAMENRIGLYNE	 INHOUD	 AKTIWITEITE
 BIBLIOGRAFIE	 TERMINOLOGIE	 UITGEWERKTE VOORBEELDE	 STAPPE

INHOUD

BLADSY



ONDERWERP 3: Momentum en impuls

- Eksamenriglyne en uitkomst
- Belangrike terme en definisies
- Uitgewerkte voorbeelde
- Aktiwiteite

46 - 54

EKSAMENRIGLYNE

Momentum en impuls

(Hierdie afdeling moet saam met die KABV, bl. 99–101 gelees word.)

Momentum

- Definieer *momentum* as die produk van 'n voorwerp se massa en sy snelheid.
- Beskryf *lineêre momentum* as 'n vektorhoeveelheid met dieselfde rigting as die snelheid van die voorwerp.
- Bereken die momentum van 'n bewegende voorwerp deur $p = mv$ te gebruik.
- Beskryf die vektoraard van momentum en illustreer dit met 'n paar eenvoudige voorbeelde.
- Teken vektordiagramme om die verband tussen die aanvanklike momentum, die finale momentum en die verandering in momentum vir elk van die gevalle hierbo te illustreer.

Newton se tweede wet in terme van momentum

- Skryf Newton se tweede bewegingswet in terme van momentum: Die netto (of resultante) krag wat op 'n voorwerp inwerk, is gelyk aan die tempo van verandering van momentum van die voorwerp in die rigting van die netto krag.
- Druk Newton se tweede bewegingswet in simbole uit: $F_{\text{net}} = \frac{\Delta p}{\Delta t}$
- Verduidelik die verband tussen netto krag en verandering in momentum vir 'n verskeidenheid bewegings.
- Bereken die verandering in momentum wanneer 'n resultante/netto krag op 'n voorwerp inwerk en sy snelheid :
 - Neem toe in die rigting van beweging, bv. 2de fase vuurpylaandrywing
 - neem af, bv remme word aangewend
 - In die teenoorgestelde rigting verander, bv. 'n sokkerbal wat teruggeskop word in die rigting waaruit dit gekom het

Impuls

- Definieer *impuls* as die produk van die resultante/netto krag wat op 'n voorwerp inwerk en die tyd wat die netto krag op die voorwerp inwerk.
- Gebruik die impuls-momentumstelling, $F_{\text{net}}\Delta t = m\Delta v$, om die resultant/netto krag wat uitgeoefen word, die tyd waarvoor die krag toegepas word en die verandering in momentum te bereken vir 'n verskeidenheid situasies wat die beweging van 'n voorwerp in een dimensie behels.
- Verduidelik hoe die konsep van impuls van toepassing is op veiligheidsoorwegings in die alledaagse lewe, bv. lugsakke, veiligheidsgordels

Behoud van momentum en elastiese en onelastiese botsings


- Verduidelik wat met 'n *sisteem* bedoel word (in Fisika).
- Verduidelik (wanneer jy met stelsels werk) wat bedoel word met *interne* en *eksterne kragte*.
- Verduidelik wat bedoel word met 'n *geïsoleerde stelsel* (in Fisika), dit wil sê 'n stelsel waarop die netto eksterne krag nul is.
('n Geïsoleerde stelsel sluit eksterne kragte uit wat buite die botsende liggame ontstaan, bv. wrywing. Slegs interne kragte, bv. kontakkrigte tussen die botsende voorwerpe, word in ag geneem.)
- Stel die beginsel van behoud van lineêre momentum: Die totale lineêre momentum van 'n geïsoleerde stelsel bly konstant (behoue).
- Pas die behoud van momentum toe op die botsing van twee voorwerpe wat in een dimensie beweeg (langs 'n reguit lyn) met behulp van 'n toepaslike tekenkonvensie.
- Onderskei tussen *elastiese botsings* en *onelastiese botsings* deur berekening.

BELANGRIKE TERME EN DEFINISIES

TERME EN DEFINISIES	
Kontak kragte	Kontakkrigte ontstaan uit die fisiese kontak tussen twee voorwerpe (bv. 'n sokkerspeler wat 'n bal skop.)
Nie-kontak kragte	Nie-kontakkrigte ontstaan selfs al raak twee voorwerpe nie aan mekaar nie (bv. die aantrekkingskrag van die aarde op 'n valskermspringer, selfs wanneer die aarde nie in direkte kontak met die valskermspringer is nie.)
Momentum	Lineêre momentum is die produk van 'n voorwerp se massa en sy snelheid. In simbole: $p = mv$ Eenheid: $N \cdot s$ of $kg \cdot m \cdot s^{-1}$
Newton se Tweede Wet in terme van momentum	Die netto (of resultante) krag wat op 'n voorwerp inwerk, is gelyk aan die tempo van verandering van momentum van die voorwerp in die rigting van die netto krag. In simbole: $F_{net} = \frac{\Delta p}{\Delta t}$
Beginsel van Behoud van lineêre momentum	Die totale lineêre momentum in 'n geïsoleerde stelsel bly konstant (behoue). In simbole: $\sum p_{voor} = \sum p_{na}$
Geïsoleerde stelsel	'n Stelsel waarop die netto eksterne krag nul is.
Impuls	Die produk van die resultante/netto krag wat op 'n voorwerp inwerk en die tyd wat die resultante/netto krag op die voorwerp inwerk. In simbole: $Impulse = F_{net}\Delta t$ Eenheid: $N \cdot s$ or $kg \cdot m \cdot s^{-1}$
Impuls-momentum stelling	In simbole: $F_{net}\Delta t = m\Delta v = m(v_f - v_i)$ Eenheid: $N \cdot s$ or $kg \cdot m \cdot s^{-1}$
Elastiese botsing	'n Botsing waarin beide totale momentum en totale kinetiese energie behoue bly.
Onelastiese botsing	'n Botsing waartydens kinetiese energie nie behoue bly nie.

INHOUD


MOMENTUM EN IMPULS



UITGEWERKTE VOORBEELDE

VOORBEELD 1

'n Kanon het 'n massa van 1 250 kg en is 'n 1 000 keer swaarder as die kanonkoeël wat dit vuur tydens 'n roetine-oefening. Die kanonbal verlaat die loop teen 'n horisontale snelheid van $80 \text{ m} \cdot \text{s}^{-1}$



Die kanon kom tot stilstand 1 sekonde nadat dit afgevuur is.

1.1 Definieer die term impuls in woorde. (2)

1.2 Bereken die:

1.2.1 Maksimum snelheid waarmee die kanon agteruit beweeg (5)

1.2.2 Grootte van die gemiddelde netto krag wat veroorsaak dat die kanon tot stilstand kom. (4)
[11]

OPLOSSING

1.1 Impuls is die produk van die resulterende / netto krag wat op 'n voorwerp inwerk en die tyd wat die resulterende / netto krag op die voorwerp inwerk. (2)

1.2.1

<p>OPSIE 1</p> <p>Neem rigting na links as positief</p> $\sum p_i = \sum p_f$ $0 = mv_{kannon} + mv_{bal} \left\} \begin{array}{l} \text{enig een} \end{array} \right.$ $0 = (1250)v + 1,25(-80)$ $v = 100/1250 = 0,08 \text{ m.s}^{-1} \text{ links}$	<p>OPSIE 2</p> <p>Neem rigting na regs as positief</p> $\sum p_i = \sum p_f$ $0 = m v_{cannon} + mv_{bal} \left\} \begin{array}{l} \text{enig een} \end{array} \right.$ $0 = (1250)v + 1,25(80)$ $v = 100/1250 = -0,08 \text{ m.s}^{-1}$ $v = 0,08 \text{ m.s}^{-1} \text{ links} \quad (5)$
--	--

1.2.2

<p>OPSIE 1</p> <p>Neem rigting na links as positief</p> $F_{net}\Delta t = m\Delta v = mv_f - mv_i$ $F(1,0) = (1250)[(0)-(0,08)]$ $F = -100 \text{ N}$ $F_{net} = 100 \text{ N}$ <p>OF</p> $v_f = v_i + a\Delta t$ $0 = 0,08 + a(1,0)$ $a = -0,08$ $F_{net} = m \times a = 1250 \times (-0,08) = -100 \text{ N}$ $= 100 \text{ N}$	<p>OPSIE 2</p> <p>Neem rigting na regs as positief</p> $F_{net}\Delta t = m\Delta v = mv_f - mv_i$ $F(1,0) = (1250)[(0)-(-0,08)]$ $F_{net} = 100 \text{ N}$
---	---

(4)

[11]


VOORBEELD 2

Botsings vind daagliks op die paaie in ons land plaas. In een van hierdie botsings bots 'n afleweringsvoertuig met 'n massa van 5 000 kg, wat teen 'n snelheid van $10 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ na regs beweeg, kop-aan-kop met 'n motor met 'n massa van 2 000 kg wat teen $15 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ in die teenoorgestelde rigting beweeg. Onmiddellik na die botsing beweeg die motor teen 'n snelheid van $5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ na regs.



- 2.1 Skryf die *beginsel van behoud van lineêre momentum* in woorde neer. (2)
- 2.2 Bereken die grootte van die snelheid van die afleweringsvoertuig onmiddellik daarna die botsing. (4)
- 2.3 As die botsing 0,4 sekondes duur, bereken die krag wat die afleweringsvoertuig uitoefen op die motor tydens die botsing. (4)

Die advertensiebord hieronder adverteer 'n motor van 'n sekere vervaardiger.



- 2.4 Gebruik jou kennis van momentum en impuls om te regverdig hoe die veiligheidskenmerke wat in die advertensie genoem word, bydra tot die veiligheid van passasiers. (3)
- 2.5 Noem een nadeel van lugsakke vir passasiersmotors? (1)
- [14]

OPLOSSING

2.1 Die totale lineêre momentum in 'n geïsoleerde sisteem bly konstant / behoue.

2.2 **Reg as positief**

$$\Sigma p_i = \Sigma p_f$$

$$(m v_i)_1 + (m v_i)_2 = (m v_f)_1 + (m v_f)_2$$

$$(5000)(10) + (2000)(-15) = (5000)v_f + (2000)(5)$$

$$v_i = 2 \text{ m} \cdot \text{s}^{-1}$$

Links as positive

$$\Sigma p_i = \Sigma p_f$$

$$(m v_i)_1 + (m v_i)_2 = (m v_f)_1 + (m v_f)_2$$

$$(5000)(-10) + (2000)(15) = (5000)v_f + (2000)(-5)$$

$$v_i = -2 \text{ m} \cdot \text{s}^{-1}$$

$$\text{Grootte van snelheid} = 2 \text{ m} \cdot \text{s}^{-1}$$

(4)

2.3 $F_{\text{net}} \Delta t = m v_f - m v_i$

$$F_{\text{net}} (0,4) = (5000)(2) - (5000)(10)$$

$$F_{\text{net}} = -100\,000 \text{ N}$$

$$F_{\text{net}} = 100\,000 \text{ N na regs}$$

OF

$$F_{\text{net}} \Delta t = m v_f - m v_i$$

$$F_{\text{net}} (0,4) = (2000)(-5) - (2000)(15)$$

$$F_{\text{net}} = -100\,000 \text{ N}$$

$$F_{\text{net}} = 100\,000 \text{ N na regs}$$

(4)

2.4 Tydens 'n botsing verhoog die frommelsone/lugsak **die tyd** waartydens momentum verander en volgens die vergelyking

$$F_{\text{net}} = \frac{\Delta p}{\Delta t} \text{ sal die } \mathbf{krag \text{ tydens impak sal afneem.}}$$

Die frommelsone frommel ook van die passasiers af, wat minder beserings veroorsaak aan die passasiers

(3)


- 2.5
- Wanneer lugsakke onverwags ontplooi, kan dit trauma en soms beserings soos kneusing van die gesig, bors of interne organe tot gevolg hê.
 - Omdat lugsakke baie vinnig ontplooi, kan ernstige of soms noodlottige beserings voorkom as die insittende te naby is - of in direkte kontak met lugsak is wanneer dit die eerste keer begin ontplooi.
 - Die impak van 'n lugsak kan ook 'n passasier seermaak wat verkeerd geposisioneer is.

(1)

AKTIWITEITE

VRAAG 1

Vragmotor A met 'n massa van 2 000 kg wat ooswaarts beweeg, bots met **vragmotor B** met 'n massa van 1 500 kg. Die grafiek (Nie op skaal geteken nie) wys hoe die momentum van elk van die vragmotors mettertyd verander.




- 1.1 Skryf die aanvanklike momentum van **vragmotor A** neer (2)
 - 1.2 Bepaal die grootte en rigting van die snelheid van **vragmotor B** voor die botsing (4)
 - 1.3 Is die botsing tussen die vragmotors ELASTIES of ONELASTIES? Wys hoe jy by die antwoord uitgekóm het deur middel van berekeninge. (6)
- [12]**

VRAAG 2

Momentum en Impuls.

- 2.1 'n Klein motor met 'n massa van 1 084 kg het ooswaarts gery teen 'n spoed van $33 \text{ m} \cdot \text{s}^{-1}$. 'n Groot SUV met 'n massa van 3 437 kg het weswaarts gery teen 'n spoed van $28 \text{ m} \cdot \text{s}^{-1}$. Die twee voertuie het kop-aan-kop met mekaar gebots.



Onmiddellik na die botsing het die kleiner motor weswaarts beweeg $5 \text{ m} \cdot \text{s}^{-1}$.

- 2.1.1 Noem die beginsel wat jy kan gebruik om die snelheid van die SUV na botsing te bepaal (1)
- 2.1.2 Bepaal die snelheid van die SUV onmiddellik na botsing. (4)
- 2.1.3 Gebruik 'n relevante berekening om te bepaal of die botsing ELASTIES of ONELASTIES is (5)

- 2.2 In 'n ander ongeluk bots 'n motor met 'n massa van 1 200 kg teen 'n lamppaal terwyl dit teen $20 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ beweeg en spring terug (beweeg agteruit) van die lamppaal teen $8 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$.

Die netto krag wat deur die lamppaal op die motor uitgeoefen word, is $2,1 \times 10^5 \text{ N}$ agteruit.


2.2.1 Definieer impuls in woorde.

(2)

2.2.2 Bereken die kontaktyd.

(4)

- 2.3 Die grafiek hieronder wys hoe die momentum van 'n voorwerp X en Y verander met tyd voor, tydens en na 'n botsing. Die massa van voorwerp X is 500g en dié van voorwerp Y is 1kg. Oos is as die positiewe rigting geneem.



2.3.1 Bereken die aanvanklike snelheid van voorwerp X.

(3)

2.3.2 Bereken die aanvanklike momentum van voorwerp Y.

(4)

2.3.3 Skryf die fisiese hoeveelheid neer wat deur die gradiënt van die grafiek voorgestel word

(1)

2.3.4 Bereken die grootte van die netto krag wat voorwerp X tydens die botsing ervaar.

(3)


2.3.5 Skryf die grootte van die netto krag neer wat deur Voorwerp X ervaar word tussen 0 en 1,0 s.

(1)

[28]

VRAAG 3

- 3.1 'n Kind met 'n massa van 40 kg gly met 'n waterglybaan af van punt **A** tot punt **B** en bots met 'n sagte skuimkussing by punt **C**. Die segment **B** tot **C** is horisontaal en op die laagste punt van die waterglybaan. Die hoogte van die glybaan is 20 m.



Die grootte van die snelheid van die kind by **A** is $0,5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$.


- 3.1.1 Definieer *kinetiese energie*. (2)
- 3.1.2 Bereken die kinetiese energie van die kind by **A**. (3)
- 3.1.3 Aanvaar dat die kind wrywing ervaar terwyl hy tussen **A** en **B** gly, en dat die kind se snelheid by **B** $19,24 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ is. Bereken die werk wat deur wrywing gedoen word terwyl die kind van A na B gly. (5)

Aanvaar dat wrywing in die gedeelte van die glybaan van B na C geïgnoreer kan word.

Die tyd wat dit neem vir die kind om tot rus te kom, nadat hy die oppervlak van die skuim getref het, is 1,4 s.

- 3.1.4 Definieer die term *impuls*. (2)
- 3.1.5 Bereken die krag wat die skuim uitoefen om die kind tot rus te bring. (5)

- 3.2 'n Skaatsplank met 'n massa van 5 kg word op $3 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ op 'n gladde plat oppervlak na links gedruk. Thabo, massa 45 kg, hardloop regs op $1,5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ en spring op die skaatsplank.



- 3.2.1 Noem die wet van *behoud van lineêre momentum*. (2)
- 3.2.2 Bereken die snelheid van Thabo en die skaatsplank onmiddellik nadat hy op die skaatsplank beland het. (5)

[24]



JENN

Training and Consultancy

The path to enlightened education

VAK: FISIESE WETENSKAPPE

GRAAD 12









KWARTAAL 2

**HANDLEIDING VIR ONDERWYSERS EN LEERDERS SE
INHOUD**

Onderwerp

ARBEID, ENERGIE EN DRYWING

IKON BESKRYWING

 BREINKAART	 EKSAMENRIGLYNE	 INHOUD	 AKTIWITEITE
 BIBLIOGRAFIE	 TERMINOLOGIE	 UITGEWERKTE VOORBEELDE	 STAPPE



INHOUD

BLADSY

ONDERWERP 4: Arbeid, Energie en Drywing

- Eksamenriglyne en uitkomst
- Belangrike terme en definisies
- Uitgewerkte voorbeelde
- Aktiwiteite

57 - 74

EKSAMENRIGLYNE



Arbeid, Energie en Drywing

(Hierdie afdeling moet saam met die KABV, bl. 117–120 gelees word.)

Arbeid

- Definieer die arbeid wat op 'n voorwerp gedoen word deur 'n konstante krag F as $F\Delta x \cos\theta$, waar F die grootte van die krag is, Δx die grootte van die verplasing en θ die hoek tussen die krag en die verplasing. (Arbeid word verrig deur 'n krag – die gebruik van die term 'arbeid word verrig teen 'n krag', bv. arbeid verrig teen wrywing, moet vermy word.)
- Teken 'n kragtediagram en vryliggaamdiagramme.
- Bereken die netto arbeid wat op 'n voorwerp verrig word.
- Onderskei tussen positiewe netto arbeid verrig en negatiewe netto arbeid verrig op die sisteem.

Arbeid-energie stelling

- Skryf die arbeid-energiestelling neer: Die netto arbeid verrig op 'n voorwerp is gelyk aan die verandering in kinetiese energie van die voorwerp OF die arbeid verrig op die voorwerp deur 'n netto krag is gelyk aan die verandering in die kinetiese energie van die voorwerp.
In simbole: $W_{\text{net}} = \Delta K = K_f - K_i$
- Pas die arbeid-energiestelling toe op voorwerpe op horisontale, vertikale en skuinsvlakke (vir beide wrywinglose en growwe/ruwe oppervlaktes).

Behoud van energie in die teenwoordigheid van nie-konserwatiewe kragte.

- Definieer 'n *konserwatiewe* krag as 'n krag waarvoor die arbeid verrig word om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, onafhanklik is van die pad wat gevolg word. Voorbeelde hiervan is gravitasiekrag, die elastiese krag in 'n veer en elektrostatiese kragte (coulombkragte).
- Definieer 'n *nie-konserwatiewe* krag as 'n krag waarvoor die arbeid verrig om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, afhanklik is van die pad wat geneem word. Voorbeelde hiervan is wrywingskrag, lugweerstand, spanning in 'n tou, ens.
- Skryf die beginsel van behoud van meganiese energie neer: Die totale meganiese energie (som van gravitasie potensiële energie en kinetiese energie) in 'n geïsoleerde sisteem bly konstant. LET WEL: 'n Stelsel word geïsoleer wanneer die netto eksterne krag (uitgesluit die gravitasiekrag) wat op die stelsel inwerk, nul is.
- Los behoud-van-energie-probleme op deur gebruik te maak van die vergelyking: $W_{\text{nc}} = \Delta E_k + \Delta E_p$
- Gebruik die verwantskap hierbo om aan te toon dat meganiese energie behoue bly in die afwesigheid van nie-konserwatiewe kragte.

Drywing

- Definieer drywing as die tempo waarteen arbeid verrig word of energie verbruik word.

In simbole: $P = \frac{W}{\Delta t}$

- Bereken die drywing betrokke wanneer arbeid verrig word.
- Doen berekeninge deur $P_{\text{gem}} = Fv_{\text{gem}}$ te gebruik wanneer 'n voorwerp teen 'n konstante spoed op 'n growwe horisontale oppervlak of 'n growwe skuinsvlak beweeg.
- Bereken die drywinglewering vir 'n pomp wat 'n massa ophig (bv. die ophig van water deur 'n hoogte teen konstante spoed).

BELANGRIKE TERME EN DEFINISIES	
Arbeid	Die arbeid verrig op 'n voorwerp deur 'n konstante krag F is die produk van die grootte van die krag, die grootte van die verplasing en die hoek tussen die krag en die verplasing. In simbole: $W = F \Delta x \cos \theta$
Positiewe arbeid	Die kinetiese energie van die voorwerp neem toe.
Negatiewe arbeid	Die kinetiese energie van die voorwerp neem af.
Arbeid-energiestelling	Die netto (of totale) arbeid verrig op 'n voorwerp is gelyk aan die verandering in kinetiese energie van die voorwerp OF die arbeid verrig op die voorwerp deur 'n resulterende (of netto) krag is gelyk aan die verandering in kinetiese energie van die voorwerp. In simbole: $W_{\text{net}} = \Delta K = K_f - K_i$.
Beginsel van behoud van meganiese energie	Die totale meganiese energie (som van gravitasie-potensiële energie en kinetiese energie) in 'n geïsoleerde sisteem bly konstant. ('n Sisteem is geïsoleerde wanneer die resulterende/netto eksterne krag wat op die sisteem inwerk, nul is). In simbole: $E_M(\text{aanvanklik}) = E_M(\text{finaal})$ OF $(E_p + E_k)_{\text{aanvanklik}} = (E_p + E_k)_{\text{finaal}}$
Konserwatiewe krag	'n Krag waarvoor die arbeid verrig om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, onafhanklik is van die roete wat gevolg word. Voorbeelde is gravitasiekrag, die elastiese krag in 'n veer en elektrostatiese kragte (coulombkragte).
Nie-konserwatiewe krag	'n Krag waarvoor die arbeid verrig om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, afhanklik is van die roete wat gevolg word. Voorbeelde is wrywingskrag, lugweerstand, spanning in 'n tou, ens.
Drywing	Die tempo waarteen arbeid verrig of energie oorgedra word. In simbole: $P = \frac{W}{\Delta t}$ Eenheid: watt (W)

TABEL 1: ARBEID, ENERGIE EN DRYWING

$W = F \Delta x \cos \theta$	$U = mgh$ or/of $E_p = mgh$
$K = \frac{1}{2}mv^2$ or/of $E_k = \frac{1}{2}mv^2$	$W_{\text{net}} = \Delta K$ or/of $W_{\text{net}} = \Delta E_k$ $\Delta K = K_f - K_i$ or/of $\Delta E_k = E_{kf} - E_{ki}$
$W_{\text{nc}} = \Delta K + \Delta U$ or/of $W_{\text{nc}} = \Delta E_k + \Delta E_p$	$P = \frac{W}{\Delta t}$
$P_{\text{ave}} = Fv_{\text{ave}}$ / $P_{\text{gemid}} = Fv_{\text{gemid}}$	

BREIN KAART



ARBEID VERRIG

- **Arbeid** is die oordrag van energie.
- **Arbeid wat deur** 'n konstante krag op 'n voorwerp verrig word, is die produk van die verplasing en die komponent van die krag parallel met die verplasing.





□ $W = F\Delta x \cos\theta$

WAAR:

- $W \rightarrow$ Arbeid verrig in Joule(J)
 - $F \rightarrow$ grootte van krag in Newton (N)
 - $\Delta x/\Delta y \rightarrow$ grootte van verplasing in meter (m)
 - $\theta \rightarrow$ grootte van die hoek tussen krag en verplasing
- Arbeid is 'n skalaar hoeveelheid, dit wil sê geen rigting nie.
 - Die joule is die hoeveelheid arbeid wat verrig word wanneer 'n krag van een newton 'n voorwerp een meter in die rigting van die krag beweeg.


Arbeid behels altyd twee dinge:

- 'n Konstante krag wat op 'n sekere voorwerp inwerk.
- Die verplasing van daardie voorwerp.

Zero Arbeid verrig	Positiewe Arbeid verrig		Negatiewe Arbeid verrig
			
$W = F\Delta x\cos\theta$ F en Δx loodreg op mekaar $\theta = 90^\circ$ $\cos \theta = \cos 90^\circ = 0$	$W = F\Delta x\cos\theta$ F en Δx parallel aan mekaar dieselfde rigting $\theta = 0^\circ$ $\cos \theta = \cos 0^\circ = 1$	$W = F_x\Delta x\cos\theta$ F en Δx hoek θ met mekaar $F_x = F\cos \theta$ $W = F\cos \theta\Delta x\cos \theta$ $\theta = 0^\circ$ $\cos \theta = \cos 0^\circ = 1$	$W = f\Delta x\cos\theta$ F en Δx parallel aan mekaar teenoorgestelde rigting $\theta = 180^\circ$ $\cos \theta = \cos 180^\circ = -1$
<ul style="list-style-type: none">Geen Arbeid verrig op 'n voorwerp as die krag en verplasing loodreg op mekaar is	<ul style="list-style-type: none">'n Krag in die rigting van verplasing verrig positiewe arbeid op die voorwerp. Die krag vermeerder die energie van die voorwerp	<ul style="list-style-type: none">'n Kragkomponent in die rigting van die verplasing verrig positiewe arbeid op die voorwerp. Die krag vermeerder die energie van die voorwerp	<ul style="list-style-type: none">'n Wrywingskrag in die teenoorgestelde rigting van verplasing verrig negatiewe arbeid op die voorwerp. Die krag vermeerder die energie van die voorwerp
	<ul style="list-style-type: none">Positiewe arbeid beteken dat energie bygevoeg word tot die sisteem		<ul style="list-style-type: none">Negatiewe arbeid beteken dat energie verwyder word uit die sisteem

VOORBEELD 1

'n Boks wat op 'n horisontale wrywinglose oppervlak lê, word deur 'n horisontale krag van 100 N getrek. Die boks word 3m na regs verplaas, soos in die skets hieronder getoon. Bereken die werk wat deur die krag op die boks gedoen word.



Daar is een krag wat op die voorwerp inwerk.


$$W = F\Delta x \cos\theta$$

$$W = (100)(3)\cos 0^\circ$$

$$W = 300 \text{ J}$$

VOORBEELD 2

'n Boks op 'n horisontale growwe oppervlak gly na regs en ervaar 'n wrywingskrag van 100 N. Die boks word 3 m verplaas soos in die skets hieronder getoon. Bereken die arbeid wat deur die wrywingskrag op die boks gedoen word.



Daar is een krag wat op die voorwerp inwerk.


$$W = f\Delta x \cos\theta$$

$$W = (100)(3)\cos 180^\circ$$

$$W = -300 \text{ J}$$

VOORBEELD 3

Bereken die arbeid wat verrig word op 'n boks wat op 'n horisontale wrywinglose oppervlak lê, deur 'n krag van 100 N, wat teen 'n hoek van 20° met die horisontaal inwerk. Die krag verplaas die boks 3 m, soos in die diagram hieronder getoon.



Weereens is daar slegs een krag (100 N) wat op die voorwerp inwerk.

$$F_x = F \cos\theta$$

$$F_x = 100 \cos 20^\circ$$

$$F_x = 93,9692620786 \text{ N}$$

$$W = F_x \Delta x \cos\theta$$

$$W = (93,9692620786)(3)\cos 0^\circ$$

$$W = 281,91 \text{ J}$$


NETTO ARBEID OP 'N VOORWERP

- Verskeie kragte kan gelyktydig op 'n voorwerp inwerk.
- Elke krag kan arbeid op die voorwerp verrig om die energie van die voorwerp te verander.
- Die netto arbeid wat op die voorwerp verrig word, is die som van die arbeid wat elke krag verrig het.

Indien W_{net} positief is, is **energie bygevoeg** tot die sisteem.


Indien W_{net} negatief is, is **energie verwyder** uit die sisteem

VOORBEELD 4



Bereken die netto arbeid wat op 'n krat verrig word as 'n krag van 60 N op 'n krat toegepas word. Die krat beweeg 6 m na regs en ervaar 'n wrywingskrag van 10 N na links.

N.B Teken 'n vryliggaamdiagram wat al die kragte wat op die krat inwerk en wys en benoem die kragte



Arbeid verrig deur gewig en normaalkrag gelyk 0J. ALBEI is loodreg op die Verplasing $\theta = 90^\circ$

OPSIE 1

$$W_{\text{net}} = W_F + W_f$$

$$W_{\text{net}} = F\Delta x \cos\theta + f\Delta x \cos\theta$$

$$W_{\text{net}} = (60)(6)\cos 0^\circ + (10)(6)\cos 180^\circ$$

$$W_{\text{net}} = 300\text{J}$$

OPSIE 2

$$F_{\text{net}} = F - f$$

$$F_{\text{net}} = 60 - 10$$

$$F_{\text{net}} = 50\text{N}$$

$$W_{\text{net}} = F_{\text{net}}\Delta x \cos\theta$$

$$W_{\text{net}} = (50)(6)\cos 0^\circ$$

$$W_{\text{net}} = 300\text{J}$$


VOORBEELD 5

'n Elektriese motor word gebruik om 'n vrag bakstene (50kg) deur 'n vertikale hoogte van 20 m op te lig. Die spanning in die kabel wat aan die hysbak geheg is, is 2000 N.

5.1 Bereken die arbeid wat deur die elektriese motor verrig word op die bakstene.

5.2 Bereken die netto arbeid wat op die bakstene verrig word

- Teken 'n vryliggaamdiagram om AL die kragte wat op die stene inwerk te toon en benoem die kragte. Daar is gravitasiekrag (w) af en spanning (T) in die kabel op .
- Let op! Daar is geen normaalkrag nie, want die stene rus nie op 'n oppervlak nie.
-



$$\begin{aligned} 5.1 \quad W_T &= T \Delta x \cos \theta \\ &= 2000 (20) \cos 0^\circ \\ &= 40\,000 \text{ J} \end{aligned}$$

5.2 OPSIE 1

$$\begin{aligned} W_w &= w \Delta x \cos \theta \\ &= (50 \times 9,8) (20) \cos 180^\circ \quad [\text{die hoek tussen } w \text{ en } \Delta x \text{ is } 180^\circ] \\ &= -9\,800 \text{ J} \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} W_{\text{net}} &= W_T + W_w \\ &= 40\,000 + (-9\,800) \\ &= 30\,200 \text{ J} \end{aligned}$$


OF

OPSIE 2


$$\begin{aligned} W_{\text{net}} &= F_{\text{net}} \Delta x \cos \theta \\ &= (T - w) \Delta x \cos \theta \\ &= (2\,000 - 50 \times 9,8) (20) \cos 0^\circ \\ &= 30\,200 \text{ J} \end{aligned}$$

VOORBEELD 6

'n Motor van 1200 kg word 3 m teen 'n helling (30° met die grond) getrek deur 'n tou wat 'n krag van 8000N op die motor uitoefen. Die motor ervaar 'n wrywingskrag van 20N.



6.1 Teken 'n benoemde vryliggaamdiagram van al die kragte wat op die motor inwerk.



6.2 Bereken die netto arbeid wat op die motor verrig word.

<u>Arbeid verrig deur toegepaste krag (F)</u>	<u>Arbeid verrig deur wrywing (f)</u>	<u>Arbeid verrig deur gewig (w)</u>
$W_F = F \Delta x \cos \theta$	$W_f = f \Delta x \cos \theta$	$W_{w//} = w_{//} \Delta x \cos \theta$
$W_F = 8000(3) \cos 0^\circ$	$W_f = 20(3) \cos 180^\circ$	$W_{w//} = [(1200)(9,8) \sin 30^\circ](3) \cos 180^\circ$
$W_F = 24000J$	$W_f = -60J$	$W_{w//} = -17640J$
		OF $W_w = w \Delta x \cos \theta$ $= (1200 \times 9,8)(3) \cos (30^\circ + 90^\circ)$ $= -17\,640\,J$

Work Net

$$W_{net} = W_F + W_f + W_{w//}$$

$$W_N = 0J$$

$$W_{net} = 24000 - 60 - 17640$$

$$W_{net} = 6300\,J$$

ARBEID - ENERGIESTELLING:

- Die netto arbeid wat op 'n voorwerp verrig word, is gelyk aan die verandering in die voorwerp se kinetiese energie.
- Die arbeid wat deur 'n resultante/netto krag op 'n voorwerp verrig word, is gelyk aan die verandering in die voorwerp se kinetiese energie.

$$W_{net} = \Delta E_k$$
$$W_{net} = \frac{1}{2}mv_f^2 - \frac{1}{2}mv_i^2$$

- Die arbeid-energiestelling kan toegepas word op die voorwerpe op horisontale, vertikale en skuins vlakke vir beide wrywinglose en growwe oppervlaktes.

KONSERWATIEWE EN NIE-KONSERWATIEWE KRAGTE

- **KONSERWATIEWE KRAG** is 'n krag waarvoor die arbeid verrig om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, onafhanklik is van die pad wat geneem is. *'n Krag is 'n konserwatiewe krag as:*

Die arbeid wat deur die krag verrig word om 'n voorwerp van punt A na punt B te beweeg, onafhanklik van die pad wat geneem word.

Die netto arbeid verrig om 'n voorwerp in 'n geslote pad te skuif wat op dieselfde punt begin en eindig, nul is.

- **NIE-KONSERWATIEWE KRAG** is 'n krag waarvoor die arbeid verrig om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, afhang van die pad wat geneem word. *'n Krag is 'n nie-konserwatiewe krag as:*

Die arbeid wat deur die krag verrig word om 'n voorwerp van punt A na punt B te beweeg, hang af van die pad wat geneem word.

Die netto arbeid verrig om 'n voorwerp in 'n geslote pad te skuif wat op dieselfde punt begin en eindig, nie nul is nie.

KONSEPATIEWE KRAGTE	NIE-KONSEVENTIEWE KRAGTE
Gravitasiekrag	Wrywingskrag
Elektrostatiese krag	Spanning
Elastiese krag	Toegepaste krag
	Lugweerstand

ENERGIE

BEGINSEL VAN BEHOUD VAN MEGANIESE ENERGIE

Die totale meganiese energie in 'n geïsoleerde stelsel bly konstant.

- Meganiese energie is die **som van gravitasie potensiële energie en kinetiese energie**.
- 'n Stelsel word geïsoleer wanneer die resultante/netto eksterne krag wat op die stelsel inwerk nul is.
- Beginsels van energie word gebruik om aan te toon dat meganiese energie in die afwesigheid van nie-konserwatiewe kragte behoue bly.
- Die **meganiese energie van 'n stelsel bly behoue** wanneer **slegs konserwatiewe kragte in die stelsel teenwoordig is**.
- Die **meganiese energie van 'n sisteem bly NIE behoue NIE** wanneer **nie-konserwatiewe kragte in die sisteem teenwoordig is nie** (bv. wrywing, lugweerstand, toegepaste kragte en spanning).
- Die **arbeid verrig deur hierdie nie-konserwatiewe kragte**, is **gelyk aan die verandering in die totale meganiese energie** van die stelsel. $W_{nk} = \Delta K + \Delta U$

DRYWING

die tempo waarteen arbeid verrig word of energie oorgedra word.

$$P = \frac{W}{\Delta t}$$

$P \rightarrow$ drywing in Watt (W)

$W \rightarrow$ arbeid verrig in Joules (J)

$\Delta t \rightarrow$ verandering in tyd in sekondes (s).

- Doen berekeninge om drywing te bepaal wanneer arbeid verrig word.
- Voer berekeninge wanneer 'n voorwerp teen 'n konstante spoed langs 'n growwe horisontale oppervlak of 'n growwe skuins vlak beweeg.

GEMIDDELDE DRYWING (KONSTANTE SNELHEID)

- Ons kan die gemiddelde drywing bereken wat nodig is om 'n voorwerp teen konstante spoed te laat beweeg.
- As die motor teen 'n konstante spoed beweeg, is die grootte van die voorwaartse krag gelyk aan die grootte van die wrywingskrag.
- As die motor teen konstante spoed beweeg, moet die krag van die enjin teen die helling op gelyk wees aan die krag teen die helling af.
- In staat wees om die drywing te bereken vir 'n elektriese pomp wat 'n massa optel (bv. water uit 'n boorgat)

Snelheid word gegee deur verplasing oor tyd:

$$v_{\text{gem}} = \frac{\Delta x}{\Delta t}$$

$$P_{\text{gem}} = F v_{\text{gem}}$$

LET OP:

P_{gem} → Gemiddelde drywing

F → krag

v_{gem} → konstante snelheid

AKTIWITEITE

VRAAG 1 [MEERKEUSEVRAE]

10 PUNTE 10 MINUTE

Vier opsies word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Elke vraag het net EEN korrekte antwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK


- 1.1 'n Boks van 20,4 kg bly in rus op 'n horisontale oppervlak terwyl die boks horisontaal met 'n krag van 60 N gestoot word. Die koëffisiënt van statiese wrywing tussen die boks en die oppervlak is 0,60.

Wat is die wrywingskrag wat op die boks inwerk terwyl dit gestoot word? (Afgerond tot die naaste heelgetal)

- A 200 N
- B 140 N
- C 120 N
- D 60 N

(2)

- 1.2 Beskou die slinger in die skets. Op 'n sekere punt A van sy swaai het die bal 'n gravitasiepotensiële energie van 300 J ten opsigte van sy **laagste punt by B**. By punt B het die bal 'n kinetiese energie van 500 J.




Die totale meganiese energie van die stelsel is ...

- A. 800 J
- B. 500 J
- C. 300 J
- D. 200 J

(2)


- 1.3 'n Soliede rubberbal wat van 'n sekere hoogte bo 'n swembad laat val het, neem 0,3 sekondes om die oppervlak van die water te bereik (**fase 1**). Die bal gaan die water binne en bereik sy maksimum diepte na 0,2 sekondes (**stadium 2**). (Lugweerstand is weglaatbaar)



Watter een van die volgende stellings is **WAAR**?

- A Beide die meganiese energie en momentum van die bal is konstant gedurende **beide stadiums** (0,5 sekondes).
- B Beide die meganiese energie en momentum van die bal is konstant gedurende **stadium 1** (eerste 0,3 sekondes).
- C Slegs die meganiese energie van die bal bly konstant gedurende **Beide stadiums** (0,5 sekondes).
- D Slegs die meganiese energie van die bal bly konstant tydens **fase 1** (0,3 sekondes), maar verander tydens **fase 2** (0,2 sekondes)

- 1.4 Twee seuns trek twee identiese voorwerpe teen dieselfde eenvormige spoed teen twee verskillende hellings, X en Y, met verskillende gradiënte, maar gelyke hoogte. Wrywing kan geïgnoreer word.




Die **grootte van die krag** wat deur elkeen van die seuns uitgeoefen word en die **arbeid wat verrig** word, kan soos volg vergelyk word:

	Grootte van die krag	Arbeid verrig
A	$F_X < F_Y$	$W_X > W_Y$
B	$F_X > F_Y$	$W_X > W_Y$
C	$F_X < F_Y$	$W_X = W_Y$
D	$F_X > F_Y$	$W_X = W_Y$

(2)

- 1.5 Twee voorwerpe, **R** en **P**, van gelyke massa rus bo-op 'n muur met 'n vertikale hoogte **x**. **R** val reguit af en tref die grond met 'n spoed **v**. **P** gly af teen die wrywinglose helling, lengte **2x**, soos in die skets getoon:



Die spoed van **P** aan die onderkant van die helling (punt **S**) is ...


- A $\frac{1}{2} v$
- B v
- C $\sqrt{2} v$
- D $2 v$

(2)

[10]

VRAAG 2**14 punte 14 minute**

'n Krat met 'n massa van 60 kg beweeg teen 'n growwe skuinsvlak op wat 'n hoek van 25° met die horisontaal maak. Die krat begin aan die onderkant met 'n spoed van $7,5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ en kom tot stilstand nadat hy teen die skuinsvlak opbeweeg het tot 'n vertikale hoogte van 2,8m.




- 2.1 Definieer *kinetiese energie* (2)
- 2.2 Bereken die kinetiese energie van die krat aan die onderkant van die helling. (3)
- 2.3 Bereken die toename in gravitasie potensiële energie van die krat op die hoogste punt. (3)
- 2.4 Bereken die arbeid wat verrig word teen die wrywingskrag terwyl die krat teen die skuinsvlak opbeweeg. (2)
- 2.5 Bereken vervolgens die grootte van die wrywingskrag wat op die krat inwerk soos dit teen die skuinsvlak opbeweeg. (4)


[14]

VRAAG 3_**23 PUNTE 23 MINUTE**

- 3.1 'n Boks met massa 2 kg het 'n aanvanklike spoed van v_i . Die boks beweeg oor 'n growwe oppervlak en het 'n spoed van $1,5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ nadat dit 0,7 m beweeg het. Die wrywingskrag wat op die boks inwerk, is 26 N.



- 3.1.1 Definieer *wrywingskrag*. (2)
- 3.1.2 Bereken die kinetiese energie van die boks terwyl dit teen $1,5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ beweeg. (3)
- 3.1.3 Bereken die arbeid wat op die boks verrig word deur die wrywingskrag. (3)
- 3.1.4 Stel die *arbeid-energiestelling in woorde*. (2)
- 3.1.5 Bereken die aanvanklike spoed v_i van die boks. (3)
- 3.2 'n Krat van 1,2 kg is aan 'n lang tou geheg soos in die diagram getoon. 'n Blok met massa 0,4 kg bots met die stilstaande krat met 'n snelheid v_b en spring terug met 'n snelheid van $0,36 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$. Die botsing veroorsaak dat die krat deur 'n vertikale hoogte van 65 cm swaai.





- 3.2.1 Stel *die beginsel van behoud van meganiese energie*. (2)
- 3.2.2 Bereken die grootte van die snelheid van die krat onmiddellik nadat die blok met die krat gebots het. (3)
- 3.2.3 Stel *die wet van behoud van lineêre momentum*. (2)
- 3.2.4 Bereken die grootte van die snelheid van die blok, net voor dit met die krat bots. (3)

[23]

VRAAG 4_**13 PUNTE 13 MINUTE**

